# *Dit Is Ek, Wees Nie Bevrees Nie*

Dankie, Broer Borders.

2 Julle kan maar sit. Ek ag dit 'n groot voorreg vanaand, om in die huis van God te wees om Sy siek kinders te bedien. En ons is jammer dat ons nie die regte sitplek—sitplek vir julle het nie. Soos ons in die straat opgekom het, was daar drie of vier motors wat weggegaan het, en toe, het ons *hierdie* kant toe gekom, en daar was 'n ry mense wat weggegaan het van die kerk, wat hulle nie plek gehad het om in te kom nie. En miskien teen volgende Sondag, as ons hard sal probeer, kan ons miskien die ouditorium kry vir die afsluitingsaand hieronder, en kan ons almal inkry.

3 Wanneer jy 'n oorvol skare het, bereik dit—dit 'n punt waar dit die mense senuweeagtig maak, en wanneer jy die gehoor senuweeagtig maak, kan die Heilige Gees nie werk nie. Jy moet net eerbiediglik na God toe kom, stil, gelowig, sonder enige onderbreking, en dan die Heilige Gees, is dit baie makliker vir Dit om met ons te werk.

4 Ons het beslis 'n wonderlike tyd gehad hierdie week hier in die kerk, te praat in die dienste, oor die onderwerpe van Abraham, om geloof op te bou vir vanaand, vir genesingsdiens. Ons het hierdie deel van die diens oorgegee om vir die siekes te bid.

5 Nou, ek wil hê almal moet eers 'n baie goeie besef van God se Woord kry, want genesing is God se . . . dis in die versoening. As die ou versoening genesing gebring het, hierdie is 'n baie beter Versoening, dit sou natuurlik genesing daarin hê. En die Bybel het gesê: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

6 Nou, genesing lê nie in 'n menslike wese nie. Nou, genesing is 'n—is 'n verlossingseëning van God wat alreeds vir jou gekoop is by Gólgota. Verlossing is glad nie iets wat vanaand plaasvind nie, jou verlossing is vir jou gekoop negentienhonderd jaar gelede, toe Christus vir jou gesterf het op Gólgota, Hy . . . dis waar jou verlossing gekoop is.

7 Nou, jy moet dit aanvaar vir jou eie persoonlike saak. Jy sê: "Ek is 'n sondaar en Christus het vir my gesterf, en ek is die een vir wie Hy gesterf het, so daarom, vanaand, kom ek op grond van die gestorte Bloed, en ek aanvaar my verlossing, in die wete dat daar niks is wat ek in myself kan doen nie, en ek vertrou Hom heeltemal en ten volle vanaand, en glo dat Hy my wel red, volgens Sy belofte," dan is jy gered, maak nie saak of jy 'n sensasie kry,

of nie 'n sensasie nie, jy word gered deur geloof in die voltooide werk op Gólgota.

8 Nou, dis op dieselfde manier wat jy genees word. Wanneer jy. . . Nou, jy sê: "Wel, dan, sou ek nie eers kerk toe hoef te kom om gered te word nie." Dit is waar. Enige plek waar jy aan God se vereistes voldoen, dis waar jy gered word; enige plek waar jy aan God se vereistes voldoen, dis waar jy genees word.

9 Nou, God kan nie Sy opinie oor dinge verander nie. Ons sê die heeltyd dat, dat ons. . . ons ons geloof plegtig op die Woord van die Here baseer, want wanneer God enigiets sê, kan Hy dit nie terugneem nie. Hy's God, Hy's oneindig, elke besluit is volmaak.

10 En nou, as Hy Sy besluit hier gemaak het, en dis volmaak, nou, kan Hy nie 'n meer volmaakte besluit neem in 'n ander eeu nie, Hy moet dieselfde besluit neem, want, as Hy het, sou Hy kortkom wat Hy in hierdie *een* gehad het. En as Hy die verkeerde besluit *daar* gemaak het, wel, dan as Hy 'n ander besluit gemaak het, liewer, *hier* as wat Hy *hier* het, dan het Hy 'n verkeerde een *hier* gemaak. En as Hy iets verkeerd gedoen het, dan kon Hy nie God wees nie. Sien? So, julle moet onthou wanneer die Here enigiets sê, dit presies is wat dit sal wees.

11 En nou, jy self. . . Nou, baiekeer het ek mense sien gryp na geloof, en probeer uitreik daarna, baiekeer gaan mense net bo-oor dit. Geloof is so eenvoudig. Dis net, in die Bybel het julle opgelet waarmee hulle die bloed aangewend het? Was hisop. Wel, hisop is net gewone onkruid, en onder in Egipte, en ook bo in Palestina vind jy dat dit oral groei in die krake van die kleihutte, ensovoorts, reg op die grond, net 'n klein, groen, driehoekige, diamantvormige blaartjie met 'n blommetjie daaraan, jy kon dit net enige plek optel, dit was hisop. Dis waarmee hulle die bloed aan die latei van die deur gesmeer het, hisop. En die rede, hulle dit onkruid gemaak het, omdat dit geloof voorstel.

12 Hoe wend jy die Bloed aan? Met geloof, nie een of ander super iets nie, maar net gewone geloof, soos jy het, dis hoe jy die Bloed aanwend. Soos, jy sê: "Ek gaan uit om in my motor te klim, huis toe te gaan." Hoe weet jy jy gaan? Jy's nie seker daarvan nie, jy's amper seker daarvan, maar jy glo jy is, gaan dan net voort, maak so, en jy gaan net.

13 Dis dieselfde manier wat genesing is. Glo net in die Here Jesus Christus, aanvaar Hom as jou Geneser op grond van Sy gestorte Bloed, dat Hy ter wille van jou oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir jou genesing gekom het, nie genees *sal* word nie, maar *was*, verlede tyd. Jy is alreeds genees deur Sy wonde. Ek dink dis die wonderlikste ding: "Deur Sy wonde *is* ons," in verlede tyd: "genees."

14 Nou, Mnr. Roberts, Mnr. Tommy Osborn, Mnr. A. A. Allen, o, soveel van die broers op die veld wat 'n bediening het van hande oplê op die siekes en vir hulle te bid (En dis waar ek die *terugvoer*

kry: "Jy bid nie vir genoeg nie."), nou, daardie Christenbroers, ek glo dat hulle 'n bediening van God het. En nou, bid hulle vir honderde en honderde elke aand. Nou, dis miskien . . . Nou, ek glo wel met my hele hart dat hulle doen wat God hulle gesê het om te doen, dis hulle bediening.

15 Nou, maar as julle my net 'n oomblik sal verdra, ek glo daar is 'n hoër manier om Christus te bereik as hande oplê, want, as julle oplet, die pasiënt kan so sê: "Broer *So-en-so* het hande op my gelê, ek het die krag van God deur sy hande voel kom," sien, dit plaas weer 'n man daarin, sien.

16 Maar dit was 'n Joodse tradisie. As julle oplet, die priestertjie het gesê: "Kom lê jou hande op my dogter," Jaïrus: "en sy sal gesond word." Nou, dit, hy was Jood.

17 Maar die Romein, die Heiden, het gesê: "Ek is nie waardig dat U onder my dak inkom nie. Spreek net die Woord, en my dienskneg sal lewe." Sien julle waar daardie Romein se geloof . . . ? Dit het Jesus geplaas . . .

18 Hy het voortgegaan om te sê: "Ek's 'n man met gesag." Hy was 'n hoofman oor honderd, wat beteken hy was oor 'n honderd, 'n honderd man, in die Romeinse leër. Hy het gesê: "Wanneer ek vir *hierdie* een sê: 'Gaan,' dan gaan hy; en vir *hierdie* een: 'Kom,' dan kom hy." Hy het geweet dat alles onder sy jurisdiksie was waaroor hy beheer gehad het, dit hom moes gehoorsaam. Wat het hy gesê, toe, toe hy dit vir Christus bely het? "Sê vir my . . . " Hy het dit gesê: "U is . . . U het mag oor enigiets, oor enige siekte, spreek net die Woord."

19 Wat het Jesus daarvan gesê? Hy het omgedraai, en Hy—Hy het beslis daardie Romein geëer, Hy het gesê: "Ek het nog nie sulke geloof in Israel gesien nie." Sien?

20 "Moenie jou hande kom oplê nie, spreek net die Woord." Nou, dis waar ons die mense probeer kry, om te glo dat Hy . . . Dis nie een of ander menslike wese nie, Dis julle Here, Jesus Christus, dis wat Hy vir julle gedoen het.

21 Nou, die groot ding wat blykbaar vandag met die mense gebeur, dat hulle probeer dink dat ons een of ander soort van 'n historiese God dien, of Hy 'n groot Geneser was in 'n dag, of Hy 'n Grote in een dag was, maar vandag dit 'n herinnering is, 'n historiese saak. Dis verkeerd. Die Bybel het gesê Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. En Hy lewe; as Hy steeds lewendig is, en as Hy steeds lewe, moet Hy dieselfde aard hê, dieselfde krag, dieselfde gesindheid. Hy's dieselfde Jesus, Hebreërs 13:8, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

22 As daar enige manier was wat ek kon, wel dan . . . Ek's nie 'n dokter nie, ek weet niks van medisyne, of operasies nie. Ek—ek eer en glo in medisyne en operasies, ek glo hulle is God-gestuurde seëninge vir ons, maar partymaal kom ons by 'n punt waar dit bokant is wat ons mediese wetenskap kan—kan hanteer, dan

wanneer dit daarby kom, dink ek, in plaas van op te gee en te sterf, het ons 'n reg om na die Groot Geneesheer toe te kom.

23 As jou plaaslike dokter jou nie kon help nie, het jy 'n reg om na 'n spesialis toe te gaan, en as die spesialis jou nie kan help nie, kom ons gaan dan na die Spesialis van spesialiste, Jesus. Dis hoekom ek hier is, nie om die dokter se pasiënt af te vat nie, maar om te bid vir die dokter se pasiënt, God se kind, en my vriend, dis hoekom ek hier is.

24 Nou, medisyne genees nie, ons weet dit almal, daar's geen medisyne wat daarop aanspraak maak om te genees nie, dokters maak nie daarop aanspraak nie. Medisyne is 'n hulpmiddel vir die natuur, God is die Geneser. Daar was nog nooit enigiemand genees deur medisyne nie, jy kan dit nie doen nie. Genesing is 'n bou van weefsel, en daar's niks wat weefsel sal bou behalwe lewe, weefsel sal ontwikkel nie.

25 Nou, ons kan groot . . . groot dinge doen deur 'n been te spalk, maar nou, dit genees nie die been nie, dit plaas dit net terug sodat God dit genees. Iets moet die kalsium produseer, ensovoorts, om daardie been te genees. Nou, die dokter . . . Dis jou—dis jou . . . Wat jy behoort te doen, is om na die dokter toe te gaan en hom dit te laat spalk, maar as God dit nie genees nie, sal dit nooit genees word nie. Jy 'n slegte tand het, kan die dokter dit trek, maar hy kan nie die gat genees, en die weefsel wat hy uitgeskeur het nie. Hy mag blindederm verwyder, of 'n gewas in jou sy, of iets, maar hy kan nie die plek genees waar dit uitgekom het nie; hy kan uithaal, maar kan nie genees nie.

26 Medisyne genees nie, geen medisyne genees nie, dit hou net skoon, terwyl God genees, en ons moet dit in gedagte hou.

27 En nou, vanaand, soos ons Hom nader vir genesing, nou, wil ek graag hierdie een ding vra, as . . . Hoeveel mense hierbinne sal julle hand hiervoor opsteek, dat julle glo dat die Skrif sê, in Hebreërs 13:8, dat Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is? Dankie.

28 Dan as julle dit glo, as die Skrif dit sê, dan moet julle onthou dat wat die Skrif sê die waarheid is. Nou, Jesus het gesê, toe Hy hier op aarde was, dat Hy nie enige van die werke Self gedoen het nie, ons is almal bewus daarvan, Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, Dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke." Dit is waar, is dit nie?

29 En in Johannes 5:19 is Hy ondervra na Hy by 'n bad verbygegaan het waar daar duisende mense, wat verlam, blind, kreupel, en verdroog was, en Hy 'n man gevind het wat op 'n draagbaar lê, en Hy het geweet hy was in daardie toestand vir agt-en-dertig jaar, en Hy het hom gesond gemaak, en weggestap, en daardie menigte mense daar laat lê, en Hy is ondervra.

30 Ek veronderstel as Hy in 'n fisiese liggaam was wat onder ons gewandel het vanaand, dieselfde ding sou doen, Hy weer

ondervra sou word deur ons owerhede. En Hy het hierdie woorde gesê, nou, merk dit in julle hart: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader *sien* doen, dit doen die Seun ook net so."

31 Nou, hoeveel weet dis die Skriftuurlike waarheid? Dan het Jesus nooit enige wonderwerke gedoen totdat God Hom deur 'n visioen gewys het wat om eers te doen nie. As dit nie so is nie, dan het Hy iets vertel wat nie so was nie, en maak dit die Skrifte verkeerd. Waar is ons dan? Sien? Hy het dit nooit net lukraak gedoen nie, geen profeet het dit ooit lukraak gedoen nie, hulle het net gedoen soos God vir hulle gesê het en hulle gewys het wat om te doen.

32 Nou, toe Jesus op aarde was, het Hy Homself as die Messias verklaar, en Johannes het verklaar daar was 'n Messiaanse teken wat Hom volg, en die Ou Testament het gesê daar sou 'n Messiaanse teken wees, en Hy het daardie Messiaanse teken aan die mense bewys, dat Hy die Messias was. Hoe hulle dit geweet het, was deurdat Hy 'n God-Profeet was. Moses, die een wat hulle gevolg het, het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet soos ek oprig." Ons weet dit, ons is bewus daarvan.

33 En onder die Jode en—en die Samaritane het Hy hierdie teken gewys, natuurlik, het Hy nooit onder die Heidene nie, want ons was heidene in daardie dae, ons mense, die Heidene, Romeine. Ons het nie na enige Messias gesoek nie, en Messias verskyn net aan diegene wat na Hom soek. Dis hoe . . . Dié wat vir Hom wag, sal Hy die tweede keer verskyn. So dit sou ons betaam, vanaand, om vir Hom te wag en vir Hom uit te kyk, dat ons dit nie mis wanneer Hy kom nie.

34 Nou, Jesus voor hy weggegaan het, ek haal hierdie Skrifte aan voor ek by my boodskap kom, Jesus voor Hy die aarde verlaat het, het Hy gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreld sal My nie meer sien nie." Nou, die *wêreld* daar is die woord *kosmos*, wat beteken: "die wêreldorde." Sien? "Die wêreld sal My nie meer sien nie, tog, sal julle My sien," dis die Kerk, "want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Nou, ons weet almal die Skrif sê dit. Nou, dan maak dit Jesus dieselfde gister en tot in ewigheid.

35 Nou kyk: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, en meer," nou, ek weet die Koning James sê *groter*, maar as julle die *Emfatiese Diaglot* kry . . . Niemand kon enigiets groter doen nie, Hy het die dooies opgewek, die natuur gestop, *meer*, want toe, was God in een Mens, Christus Jesus, "Die Volheid van die Godheid het liggaamlik in Hom gewoon," sê die Skrif. Een Timótheüs 3:16: "Onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot, want God is geopenbaar in die vlees."

36 Hy is *Emmanuel* genoem. Hy was net in een Man, maar Hy, toe Hy, hierdie een Man, synde die Seun van God, Sy lewe gegee

het om Sy Kerk te heilig dat Hy mag terugkeer in die vorm van die Heilige Gees, en in Sy Kerk wees, universeel. “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen,” dieselfde soort: “*meer* as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader,” sodat Hy kon terugkeer in die vorm van die Heilige Gees en in Sy Kerk wees, universeel.

37 Dis my belydenis, vanaand, dat Jesus Christus lewendig is en nie dood nie, Hy lewe in Sy Kerk. Alhoewel baie van ons geloofsbelydenisse Hom uitgedwing het, soos die Bybel, ons sien in die Laodicése Kerktydperk, die laaste kerktydperk, wat die Pinkstertydperk is waarin ons nou is, Jesus gestaan het, uit Sy kerk uitgesit, aan die deur geklop en probeer het om weer in te kom. “Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek,” probeer: “as iemand wil oopmaak, sal Ek inkom en saam met hom maaltyd hou.”

38 Nou, hierop, op hierdie belydenis dat, as ons vanaand in hierdie gebou kan sien dat Jesus steeds lewendig is, en bo alle twyfel kan bewys dat Jesus Christus, God se Seun, in die vorm van die Heilige Gees, reg in hierdie gebou is, dan as Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is, sal Hy dieselfde optree as wat Hy gister, vandag, en tot in ewigheid gedoen het, sal Sy medelye en liefde dieselfde wees.

39 En dit was gebaseer op die basis van: “As julle kan glo, kan Ek. Ek maak soos die Vader My wys.” Soos die vrou wat Sy kleed aangeraak het, krag uitgegaan het. Hy het rondgekyk oor die gehoor totdat Hy die vrou gevind het wat Hom aangeraak het, Hy het gesê, haar vertel van haar bloedvloeiing wat gestop het omdat haar geloof haar gered het.

40 Let op daardie woord *gered*? Volg dit deur die Bybel en kyk of dit nie elke keer dieselfde Griekse woor, *sozo*, is nie. Beteken: “fisies gered,” of “geestelik gered,” enige een, dit werk. Albei gevalle dieselfde vertaal in die Grieks, *sozo*. “Jou geloof het jou gered.” Jou gered van wat? Sonde. Jou gered van wat? Die bloedvloeiing. “Jou geloof het jou gered.” En dis alles gebaseer op geloof.

41 Nou, ons vind dat toe Jesus hier was en Hy gewys het dat Hy Self Messias was, daar baie van hulle was wat dit nie geglo het nie, en hulle wou Hom klassifiseer as ’n fortuinverteller, ’n Beëlsebub, ’n duiwel wat die werk van God gedoen het. Enige van julle onthou dit in die Bybel? Goed. Jesus het gesê: “Ek vergewe julle daarvoor, maar wanneer die Heilige Gees gekom het om dieselfde ding te doen, om Daarteen te praat, sal nooit in hierdie wêreld vergewe word nie, ook nie in die wêreld wat sal kom nie.”

42 En Hy het die Heidense tydperk belowe, aan die einde van die Heidense tydperk, sou dit dieselfde soort Messiaanse teken wees as wat die Joodse tydperk afgesluit het, soos die Samaritaanse tydperk afgesluit het; die drie klasse mense, Gam, Sem, en Jafet se mense. En aan die einde van die Heidense tydperk, as dit die

manier is waarop Hy Homself bewys het as Messias tot die einde van die Hei-. . ., uh, tot die einde van die Jode, en die einde van die Samaritane, dan moet Hy op dieselfde manier optree teenoor die Heidene. As ons net deurgaan met teologie, dan het Hy Homself verkeerd voorgestel, deur Homself as Messias aan hulle te bewys op die manier wat Hy dit gedoen het, en ons nie daardie selfde teken te gee nie.

43 Maar as julle nou mooi sal verdra, luister, na julle in hierdie stoele en draagbare, as julle nou mooi sal dophou, nou, Hy kan Homself net as lewendig bewys, maar wat jou genesing betref, is dit ’n voltooide produk. As Hy vanaand hier gestaan het met hierdie pak klere aan wat Hy my gegee het, kon Hy jou nie genees nie. As jy kom en Hom gesmeek het, en by Hom gepleit het, kan Hy nie doen wat Hy alreeds gedoen het nie, Hy het dit aan jou oorgelaat op grond van jou geloof. Hy kan jou nie red teen jou eie sin, jou eie wil nie, jy’s ’n vrye morele agent, jy kan dit weier, of jy kan dit aanvaar.

44 Verstaan julle nou duidelik? Hy kan jou nie genees teen jou wil nie, Hy kan jou nie red teen jou wil nie, maar Hy kan Homself bekend maak in Sy beloftes, dan aanvaar jy dit op daardie basis. Hoeveel verstaan dit nou?

Nou, laat ons ons hoofde buig, dan, terwyl ons bid.

45 Genadigste en Heiligste Vader Wat weer uit die dood ons dierbare Here gebring het, en Hom aan ons voorgestel het as ’n Hoëpriester, wat altyd lewe om voorspraak te maak volgens ons belydenis van wat Hy vir ons gedoen het, wat vanaand sit by die Troon van God, die regterhand van die Majesteit, ’n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Ons nader U heiligheid vanaand, Here, en U troon van genade deur Sy algenoegsame Naam wat Hy aan ons gegee het, “Vra die Vader enigiets in My Naam, Ek sal dit doen.”

46 Nou, Hemelse Vader, daar is baie wat hierdie week gewag het, wat in die gebou sit in afwagting, wag vir hierdie aand om te kom. Hulle sê dat honderde weggewys is van die gebou. Vader God, ek bid dat U Uself so duidelik sal maak aan hierdie mense, dat daar nie een swak persoon in ons midde sal wees nie.

47 O Groot Heilige Gees, deur die uur waarin ons lewe te sien, die skaduwees val, die einde is op hande, en, God, ek bid dat U Hom elke hart sal laat besny, elke ongeloof en elke skaduwee van twyfel sal wegneem. En ons bid dat Hy Homself so duidelik onder ons sal manifesteer vanaand, dat daar nie een persoon sal wees, jonk of oud, wat nie sal sien dat Hy hier is nie. En mag hulle Hom omhels as hulle Verlosser en as hulle Geneser.

48 Mag die ongereddes gered word, en mag die siekes genees word. En hulle wat in die ryke van die skaduwees van die dood sit, mag groot Lig vir hulle opgaan, mag hulle opstaan en huis toe gaan en gesond wees, dat die heerlikheid van God bekend mag

wees aan die Weskus, dat dit vir hulle kinders gesê mag word, en hulle geliefdes, en hulle rondom, dat Jesus steeds lewe.

49 Nou, Vader, ons word in die Bybel geleer dat eendag, 'n dag na die opstanding, of dieselfde dag, dat daar een van Sy dissipels was wie se naam Kleopas was, en hy en sy vriend het na 'n stad met die naam van Emmaüs gestap, moedeloos, en op pad terug was. Daar's baie vanaand in daardie toestand, wat dink dat die kerk misluk het, en dit het, maar U het nie misluk nie.

50 En op die pad het daar Een uitgestap gekom langs die pad, en begin om met hulle te praat en die Skrifte aan hulle te verduidelik, toe Hy hulle gevra het oor hulle hartseer en hulle verslaentheid. Hy het gemaak asof Hy sou verbygaan, maar hulle het Hom gedwing om in te kom. Toe Hy hulle binne gekry en die deur toegemaak het, toe het Hy iets gedoen net soos Hy het voor Sy kruisiging, en onmiddellik het hulle geweet dit was Hy. Hy het uit hulle sig verdwyn by een of ander agterdeur uit, iewers.

51 Lighartig en ligvoetig het hulle vinnig teruggehardloop, na Jerusalem, vir die mense vertel dat Jesus waarlik nog gelewe het. En hulle het onder mekaar gepraat en gesê: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

52 Vader, ek bid dat U Hom sal laat uitstap uit hierdie paadjies vanaand, in elke hart in, met ons sal praat binne die volgende paar minute, en dan Homself wys. Mag Hy op hierdie platvorm onder ons staan vanaand, en Homself wys dat Hy dieselfde Jesus is. Dan mag die siekes vinnig huis toe haas, en sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos die Woord uitgegaan het nie? Dit was vreemd, maar *Iets* het die heeltyd met my gepraat." Skenk dit, Vader, en ons sal U prys daarvoor solank ons lewe, en dit altyd onthou, want ons vra dit opreg, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

53 Nou, vir net 'n paar minute, wil ek net graag julle aandag vestig op Matthéüs 14:27:

> *Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou*'n *goeie* moed*; dit is Ek; wees nie bevrees nie.*

54 Dit moes omtrent tyd gewees het dat die son ondergaan het, dit was 'n verskriklike dag, daar was duisende mense wat rondom vergader het, maar die groot visserman met sy groot, sterk rug en spiere het die bootjie van die sandoewer van die meer af weggestoot. Hulle was op pad na die oorkant, beveel deur hulle Here, om oor te gaan na die ander kant, terwyl Hy die mense weggestuur het.

55 En soos Simon, miskien die grootste een onder hulle, die bootjie van die oewer af weggestoot, ingeklim tussen die res van die apostels, en gaan sit het omtrent in die middel van die bootjie, en sy roeispaan in sy hand geneem het, en soos hulle, miskien, twee of drie keer geroei het, en toe gewaai het vir die gemeente wat hulle op die oewer agtergelaat het.

56 En toe geroep het, sommige van hulle: “Kom terug en besoek ons weer, ons wil graag saam met julle gaan,” omdat hulle hulle harte gewen het, en hulle hierdie manne liefgehad het. Hulle het die hand van God saam met hulle sien beweeg, en hulle het geweet dat hulle diensknegte van God was.

57 Die son het rooi geword soos dit oor die Galilése berge ondergegaan het, en die strate het stil geword, en die lug het begin donker word toe, reken ek, is die roeispane net ’n bietjie laat sak. En ek glo dit moes die jong Johannes gewees het, hy was die jongste onder hulle, waarskynlik ’n man in sy dertigs, en toe hulle gestop het om net ’n bietjie te rus, want die vaartuig was gemaak van swaar hout, en groot, yslike roeispane, en dit was swaar, en een man op ’n groot roeispaan en dit was moeisaam, waarskynlik in die stilte van die aand, die winde het gaan lê en daar was nie ’n rimpeling op die meer nie, en hulle het baie hard geroei, Johannes moes die roeispaan ingetrek, en gesê het: “Broers,” laat ons inluister op hulle gesprek, hy mag iets soos hierdie gesê het: “ons kan verseker wees dat ons nie een of ander soort bedrieër volg nie.

58 “Julle weet, ek onthou toe ek ’n klein seuntjie was,” mag hy gesê het: “ek onthou my ma het die boekrolle van die Bybel geneem, en sy het altyd gesit en my die stories van ons mense vertel toe hulle na hierdie land toe gekom het wat God vir hulle gegee het, en watter wonderlike tyd het hulle gehad toe hulle gekom het, hoe hulle opgekom het uit Egipte, en Jehova hulle in die woestyn gevoed het vir veertig jaar. En ek het altyd gesê: ‘Mamma, hoe het hulle ooit enigiets gekry om te eet in die woestyn?’

“En ek onthou my mooi, klein, Joodse moedertjie het altyd gesê: ‘Johannes, my skat, God het vir hulle brood uit die Hemel laat reën elke aand.’

“En ek sou vir haar sê soos hierdie: ‘Mamma, waar het God sulke groot oonde gekry om die brood te maak?’

“‘Wel, jy sien, Skat, God is ’n Skepper, Hy hoef nie oonde te hê nie, Hy spreek net en Hy skep, Sy Woord is skeppend.’

59 “Broers, vandag toe ek op daardie rots agter Hom gestaan, en Hom daardie vyf klein broodjies en twee vissies sien neem het, en daardie brood breek en vyfduisend gevoed het, het ek geweet Hy het iets te doen gehad met daardie Jehova Wat kon skep. Julle sien, broers, as Hy is Wie ons glo Hy is, en ons weet Hy is, die Seun van God, dan sal Sy werke soos God wees, want Hy het gesê: ‘As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie.’

60 “So dit het dit vir altyd vir my afgehandel, want ek weet dat die Bybel gesê het dat dit die manier is wat Jehova brood geskep het. En broers, Hy het dit nie gaargemaak nie, Hy het dit nie gebak nie, Hy het nie na die see toe gegaan om vis te vang, of het

Hy die vis gaargemaak nie, Hy het net ’n stuk gaar vis afgebreek, en toe Hy weer uitgereik het, was daar nog ’n stuk vis wat alreeds gaar was.”

61 Ek wil hierdie gehoor iets vra: Watter soort atoom het Hy daar losgelaat?

62 “Hy het nooit koring gekweek en brood gemaak nie, Hy het net die beskuit geneem, of, die broodjie wat Hy dit in twee geskeur het, en dit vir Simon gegee, en toe Hy omgekyk het om vir Andréas ’n stuk te kry, het ’n ander een gegroei. Ek het Hom dit vyfduisend keer of meer sien doen. Vir my, is Hy Jehova, Hy’s ’n Skepper.

63 “En ek wens net dat my moeder kon lewe om dit te sien, of, vandag hier was om dit dop te hou. Hoe ek graag wou gaan en haar gaan haal, my arms om haar sit, gesê het: ‘Moeder, dit is daardie Jehova waarvan jy gepraat het, want Hy’s ’n Skepper. Sy kinders was honger, net soos hulle honger was in die woestyn, en Hy het brood uit die hemele voorsien, en twee-en-’n-half miljoen mense gevoed, en hier vandag, staan op die aarde, lewe in die vorm van Sy Eie Seun, die Here Jesus ons Verlosser, ek het Hom gesien, met die krag van Sy Vader, die brood breek, en dit uitdeel, dieselfde skeppingskrag, daarom weet ek dat Hy waarlik die Seun van God is. Ek glo dit.’”

64 Simon, wat reg oorkant hom gesit het aan die ander kant van die boot, die sweet van sy voorkop afgevee het, hy het gesê: “Broers, ek wil graag my getuienis gee.” Julle weet, daar’s iets daaraan wanneer Christene bymekaar kom en hulle begin getuig, daar’s net geen einde daaraan nie, hulle hou net aan. Jy het iets om te sê, want Hy is so goed vir ons dat ons dit net op een of ander manier wil uitdruk, en ons vind nooit ’n plek om te stop nie, Hy’s so goed.

65 Simon, die groot, sterk visserman, ek kan my voorstel hy gee sy getuienis, hy het gesê: “O, my broer Andréas, wat reg *hier* voor my sit, ek onthou hy het my vertel dat hy een of ander Profeet ontmoet het, en hy het my kom haal om na die diens toe te gaan eendag. En ek het onthou wat my pa vir my gesê het. En julle broers weet dat my pa ’n Fariseër was. En ek het gebly by ons denominasie, ons . . . want ek was ook ’n Fariseër, hy was ’n Fariseër.”

66 En hy het gesê: “Weet jy wat gebeur het? Ek onthou hoe ek my pa gehoor het, voor hy die aarde verlaat het, toe hy oud geword het, sy hare grys was, eendag het hy my op die rand van die boot laat sit, en hy het gesê: ‘Simon, my seuntjie, Pappa het altyd geglo dat ek sou lewe om die dag te sien om die Messias te sien. Maar ek weet nie of ek nou sal of nie, ek mag enige tyd geroep word om te antwoord. Maar Simon, my pa het hierdie inligting vir my gegee, en ek gee dit vir jou.

67 "'Nou, in die dag van die regte Messias, sal daar baie dinge opstaan, Simon, wat vals is.'" En ons weet die Bybel het gesê dit het gebeur, het altyd. "'Maar, Simon, moet jou nie laat mislei, Seun, as dit in jou dag kom nie. Nou, Simon, jy sal reg by die Skrifte moet bly om Hom te ken, moenie vat wat iemand anders daarvan sê nie, bly by die Skrifte, Simon.

68 "'Nou, die Bybel sê ons profeet, Moses, het vir ons gesê dat die Here ons God 'n Profeet soos hy sou oprig. Nou, Simon, hierdie Messias sal 'n Profeet wees, en die—die teken wat Hy sal gee dat Hy 'n Profeet is, dat Hy—dat Hy die Messias is, dit sal 'n profeetteken wees.

69 "'En Simon, jy weet dat ons altyd ons profete glo, want wanneer ons profete spreek en wat hy sê, gebeur, dan het God vir ons gesê om na daardie profeet te luister: "Ek is met hom. Maar as hy spreek, en dit gebeur nie, moet dan nie daardie profeet vrees nie. Maar as dit wel gebeur. . . " Nou, dit was vierhonderd jaar, Simon, na ons laaste profeet, ons weet daardie volgende profeet wat sal opstaan, gaan Messias wees, en hou jy dop vir Hom, Hy sal die teken van die profeet doen.'

70 "En toe ek eendag afgegaan het op die meer, nadat ek heelnag getrek het en moedeloos was, het Andréas vir my gesê, my broer, wat hier voor my sit, dat Hy op 'n sekere plek sou wees. En ons het ons bote ingebring, ek het al die vroue en mans sien vergader van die hutte langs die meer, ek het gewonder waaroor dit alles gegaan het, en Andréas het gesê: 'Simon, jy moet saam met my kom vandag, want die Messias gaan vandag praat, hieronder.'

71 "Wel," het hy gesê: "nou, ek het nie geglo dat dit enige Messias kon wees nie, maar ek onthou wat Pappa vir my gesê het. En toe ek in Sy Teenwoordigheid ingeloop het, toe ek Hom hoor praat het, voor ek daar gekom het, was daar iets anders aan Hom, het gelyk of Hy 'n Man was wat weet waarvan Hy praat. Hy het nie gepraat soos 'n skrifgeleerde nie, Hy het gepraat soos 'n man wat weet waarvan Hy praat.

72 "En Hy het Sy kop gedraai om my te sien aankom, en sodra Hy my gesien het, het Hy my in die gesig gekyk, en gesê: 'Jou naam is Simon, jy is die seun van Jona.'

73 "Broers, dit het dit vir altyd vir my afgehandel. Nie net het Hy my geken nie, Hy het daardie goddelike ou vader van my geken wat vir my gesê het om te soek na hierdie teken, daarom het ek geweet dit was die Messias, want dit was die teken wat vader gesê het wat die Bybel gesê het sou volg en Hom die Messias sou maak, daarom het ek geweet Hy was Messias."

74 Dit moes gewees het, toe, Filippus, wat agter aan die agterkant van die boot gesit het, omgedraai het, sy arm om Natánael gesit, en gesê het: "Natánael, sal ek getuig, of sal jy?"

O, Natánael, wat altyd 'n beleefde heer was, hy het gesê: "Gaan voort en getuig daarvan, Filippus."

"Wel," het hy gesê: "toe ek dit met Simon sien gebeur het, was ek seker dat Dit die Messias was, omdat Hy die teken van die Messias gewys het.

75 "So daarom, het ek geweet dat my goeie ou vriend hier, Filippus was, of, Natánael, 'n groot Bybelgeleerde was, en hy het opgelees oor die Bybel, hy het geweet wat die Messias sou wees, so ek het om die berg gegaan, vyftien myl, totdat ek by Filippus se huis gekom het en, of, Natánael se huis, liewer, en ek het aan die deur geklop. Sy vrou het my vertel dat hy agter in die boord was. Ek het soontoe gegaan, en ek het hom op sy knieë gevind, besig om te bid, 'O God van Israel,' dis wanneer iets gebeur, wanneer jy begin bid, 'stuur vir ons verlossing!'

76 "En ek het teruggestaan, en in my hart, het ek God gedank dat ek die boodskap vir hom gehad het, dat God my gebruik het om om die berg te kom na my vriend toe. En toe hy opgestaan en sy klere afgestof het, het ek gesê: 'Natánael!'

"En hy het gesê: 'Filippus, ek is bly om jou te sien,' hy . . .

"Ek het vinnig vir hom gesê: 'Kom, kyk Wie ons gevind het.'"

77 Daar's iets daaromtrent, wanneer jy ook al in kontak kom met die ware Messias, Jesus Christus, God se Seun, jy dit nie kan stil hou nie, jy moet iemand vertel, dit versprei dit net, verbly jou hart, jy kan nooit dieselfde wees nie.

"'Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, Hy's die Messias, die seun van Josef.'

78 "En jy weet, Natánael, wat so 'n geleerde was, en hy was so 'n ware Fariseër, tot hy gesê het: 'Nou wag 'n bietjie, nou wag 'n bietjie! Nou, Filippus, jy het sekerlik nie afgegaan op een of ander sensasie, of een of ander diep kant nie. Nou, jy weet, as die Messias gekom het, sou Hy afkom na ons organisasie, sou Hy Homself aan ons bekend maak, Hy sou na Kajafas, die hoëpriester, toe gaan. Hy sou nooit in Násaret gebore word nie, Hy sou nooit met daardie klomp holy-rollers, of sovoorts, daaronder werk nie. Jy weet, as Hy sou kom, sou Hy na *ons* kerk toe kom, want ons is die Fariseërs.'"

79 Maar, julle weet, daardie gesindheid het nooit die mense verlaat nie. En God het ook nooit verander nie, Hy doen wat Hy wil doen, Hy doen wat Hy gesê het Hy sou doen, Hy kom, Hy hoef nie na enige organisasie toe te kom nie, Hy kom net na die mense toe.

So, ons vind uit, hy het gesê: "'Wel, nou, kom kyk jy.'

"Hy het gesê: 'Nou, kyk nou hier, Filippus, ek glo jy is 'n goeie geleerde, en ek sien nie hoe jy ooit sou val vir so-iets soos daardie nie.

"En ek het vir hom gesê: 'Ek wil vir jou iets vra: Ken jy nie die Heilige Skrif nie?'

"'Ja, ek het hulle van kleins af bestudeer.'

"'Goed, sê my dan, sê my dan as jy die Skrifte ken, hoe gaan Messias wees wanneer Hy kom?'

"'Wel, Hy sal gebore word uit 'n maagd.'

80 "'En, watter soort lewe sal Hy lewe? Watter soort teken sal Hy ons gee? Jy weet, ons is Jode, ons soek na tekens. God het vir ons gesê om die profeet dop te hou, en te kyk wat hy gesê het, as dit gebeur het, was hy God se profeet. Watter soort teken sal Messias wees?'

"'Wel, volgens die Skrifte, sal Hy 'n Profeet wees.'

"'Nou, ek wil vir jou iets vra: Onthou jy daardie ou visserman by wie jy daardie dag vis gekoop het, en hy kon nie vir jou 'n kwitansie uiskryf nie?'

"'Ja.'

"'O, sy naam was Simon.'

"'Ja, ek het altyd sy ou vader geken hierbo by die—die sinagoge.'

81 "'Wel, net toe hy in die Teenwoordigheid van hierdie Jesus van Násaret ingestap het, het Hy hom reguit in die gesig gekyk en vir hom gesê wat sy naam was, en vir hom gesê wie se seun hy was. Wel, dit sou my nie verbaas, Natánael, wanneer jy voor Hom kom, as Hy jou nie sê wie jy is nie.

"'O,' het hy gesê: 'nou kan daar enigiets goed soos daardie uit Násaret kom?'"

Wel, ek dink hy het hom 'n goeie antwoord gegee, 'n antwoord wat almal behoort tevrede te stel, hy het gesê: "Kom, kyk."

82 Moenie by die huis sit en dit kritiseer nie, kom, vind uit. Kom, kyk self, jy behoort soveel om te gee. Kom, kyk, ondersoek dit deur die Skrifte, kyk wat dit sal wees.

83 En soos hulle om die berg gegaan en gesels het, het hulle gou by die plek gekom waar Jesus vir die siekes gebid het. Miskien was hy in die gebedsry, of miskien het hy net in die gehoor gestaan, maar sodra hy gekom het, het Jesus soontoe gekyk en hom gevang. Julle weet, daar's iets aan daardie Skrif: "My skape ken My Stem." Hy het sy oë gevang, en Hy het gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

84 Ek het dit eenkeer gesê, en 'n man het gesê: "Natuurlik, hy was aangetrek soos 'n Israeliet." Nee, hulle het almal eenders aangetrek, Arabiere, die Jode, die Grieke, hulle het almal eenders aangetrek, die oosterse drag.

Gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Dit het die wind uit sy seile gehaal.

85 Kyk wat Natánael gesê het: "Rabbi," wat *leraar*, *meester* beteken: "Rabbi, hierdie is die eerste keer wat U my ooit gesien

het, hierdie is die eerste keer wat my oë U ooit aanskou het. Hoe het U my ooit geken?"

Jesus het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Dit het dit gedoen.

Gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God; U is die Koning van Israel."

86 As dit Jesus gister was, en Hy is dieselfde vandag, is dit Jesus vandag. Glo julle dit? Sekerlik.

87 Nou, ons kan net aan en aangaan deur die Skrifte, maar ek probeer my tyd beperk sodat julle nie uitgeput sal wees nie, en baie. . .Ek wil nog een Skrif kry, indien moontlik, voor ons by die gebedsry kom, laat ons net nog een ding neem.

88 Nadat Filippus klaar getuig het, Andréas, hulle het miskien die boot aan die gang gekry, hy het gesê: "Net 'n oomblik, broers, laat ek getuig." Julle weet, daar's so-iets, dat jy altyd wil getuig wanneer jy regtig in kontak kom met Jesus. Hy het gesê: "Laat ek namens ons almal getuig, sodat ons almal sal weet." Gesê: "Julle onthou daardie tyd wat Hy vir ons gesê het daardie oggend, of, die dag tevore, 'Môre gaan ons af na Jérigo toe'?"

89 En nou van Jerusalem na Jérigo is reguit van die berg af, jy gaan reguit oor en reg af teen die berg na Jérigo. "Maar Hy moes omgaan deur Samaria. En ons het dikwels gewonder, waarom wou Hy al die pad opgaan na Samaria voordat Hy afgegaan het na Jérigo? En Hy het gesê Hy het nodig gehad om te gaan." Hoekom? Die Vader het Hom gestuur.

90 "En julle onthou, ons het omtrent op middag daar gekom, en Hy was so moeg, en ons was ontsteld oor Hom. En Hy het gaan sit langs die klein, publieke putjie, klein panoramatjie daar met die. . . " Gesê: "Hy het daar gesit om te kry. . . Ons het gedink Hy sou iets drink, en daar was geen, niks daar om uit te drink nie, so ons, Hy het ons in die stad ingestuur om lewensmiddele te gaan koop, kos.

91 "En onthou julle? O, hulle. . . Toe ons klaar was en weer begin teruggaan het, toe ons nadergekom het, het ons iets by die put gehoor, en ons het agter die bosse ingesluip, en ons het soontoe gekyk om te sien wat dit was. En daar het 'n ontugtige vrou opgekom na die put, en ons het afgeluister.

92 "Nou, ek gaan aanhaal, broers, en julle almal onthou dit," kan ek Andréas hoor sê. "Onthou julle, die vrou het die slinger laat sak om bietjie water te kry? En toe sy die water opgebring het, het ons gehoor, soontoe gekyk, en gesien wat Hy sou sê van hierdie ontugtige vrou. Sy was buite die kerke, sy was 'n buitestaander."

Terloops, sy was 'n Samaritaan. Groot segregasie, die Samaritane en Jode het nie met mekaar gemeng nie.

93 “En ons het hierdie vrou gesien, ’n pragtige vrou, maar ons het geweet sy was berug, die manier wat sy aangetrek was. En hulle het die water opgebring, en ons het Hom hoor sê: ‘Gee vir My water om te drink, vrou. Bring vir My water om te drink.’

94 “En onthou julle hoe verbaas ons was dat ons Here enigiets met ’n vrou soos *daardie* te doen sou hê? En so, het die vrou gesê: ‘Meneer, dis nie gebruiklik vir U om vir my, ’n Samaritaanse vrou, enige guns te vra nie, aangesien U ’n Jood is.’

95 “En julle onthou wat Hy gesê het? ‘As jy net geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, en Ek sou jou waters gee wat jy nie hiernatoe hoef te kom om te skep nie.

96 “En sy het gesê: ‘Die put is diep, en U het niks om mee te skep nie.’ En julle onthou, broers, hoe die gesprek voortgegaan het oor die Jood en die Samaritaan.”

97 Nou, ek glo, ek sal dit sê, ek glo dat Jesus haar gees probeer kontak het, deur met haar te praat. Die Vader het Hom soontoe gestuur. Laat ek dit in julle gedagtes vestig, hou alles wat ek gesê het in julle gedagtes, ek wil dit vestig. Die Vader . . . Hy het gesê: “Ek doen niks totdat die Vader My wys nie.”

98 En die Vader moes Hom soontoe gestuur, en gesê het: “Gaan op totdat jy hierdie put kry,” Hy was nog nooit tevore daar nie: “gaan sit daar, en wag. Ek stuur Jou soontoe, en die res daarvan sal voor gesorg word wanneer Jy daar kom.”

99 Wel, Hy het hierdie vrou gesien, en dit moes die een gewees het, so Hy het met haar begin praat om haar gees te vind. Nou, onthou, Jesus kon die gedagtes en die oorlegginge van die hart waarneem. En sê ons Bybel nie vir ons, Hebreërs, die 4de hoofstuk, dat die Woord van God skerper is as ’n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding en die murg van die been, en ’n Onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart en verstand nie? Die Woord van God!

100 Jesus was daardie Woord: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon.” Daar het die Woord van God tot in daardie vrou se siel deurgedring, gevind waar haar probleem was. Hoeveel in my klas vanaand weet wat haar probleem was? Steek julle hand op. Sekerlik. Sy het vyf mans gehad.

“So Hy het gesê: ‘Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe.’

“‘Wel,’ het sy gesê: ‘ek het nie ’n man nie.’

101 En Andréas het gesê: “Broers, onthou julle wat ons gedink het? ‘Uh-oh, uh-oh, Hy het hierdie keer ’n fout gemaak. Hy’s beslis verkeerd daar oor hierdie Samaritaan, dit mag werk op Jode, maar ek weet nie van Samaritane nie. Hy het nou beslis ’n fout gemaak, want sy sê self sy het nie ’n man nie.’”

102 Nou, as julle net sal onthou, dieselfde ding het ook met ’n Jood gebeur, eenkeer, toe die Engel van God afgegaan het in menslike vlees na Sodom en Gomorra, was daar een van die koninginne van die Joodse vroue, Sara.

103 ’n Moderne Billy Graham en Oral Roberts gaan af in die stad van Sodom en verkondig die Evangelie, maar daar was Een van hulle wat agtergebly het, met die uitverkore Kerk gepraat het. Hy het nooit afgegaan na die kerk in Sodom nie, Hy het gekom na die uitgeroepte, die uitverkore Kerk, Abraham. Ons is pas daardeur.

104 En terwyl Hy met Abraham gepraat het, nou, Hy ’n vreemdeling, en Hy het gesê: “Abraham,” en onthou, hom nooit *Abram* genoem nie, net ’n paar dae tevore dat sy naam verander is van *Abram* na *Abraham*, gesê: “Abraham, waar is Sara?” Nie *Sarai* nie, *Sara*, haar prinsnaam, wat net ’n paar dae tevore vir haar gegee is. “Waar is Sara, jou vrou?”

Hoe het Hy geweet hy was getroud? En hoe het Hy geweet hy het ’n vrou? En hoe het Hy geweet haar naam was Sara?

En Abraham het gesê: “Sy’s in die tent agter U.”

105 Hy het gesê: “Ek gaan jou besoek, Ek gaan dit laat gebeur, jy het vyf-en-twintig jaar gewag vir hierdie baba, Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe deur haar.”

106 En Sara, in die tent agter Hom, het by haarself gelag, en in haar hart gedink: “Ek, ’n ou vrou, amper ’n honderd jaar oud, weer genot kan hê met my heer, my man? Ek, ’n ou vrou van ’n honderd, en hy omtrent ’n honderd jaar oud, kan ek ooit weer genot hê met hom? Dit kan net nie so wees nie.”

107 En die Engel, die Man wat ’n menslike wese was, wat vleis geëet, melk gedrink en mieliebrood geëet het, en Abraham het gesê Dit was God, Hy het gesê: “Waarom het Sara in die tent gelag, by haarself gesê: ‘Hoe kan dit wees?’” Sy het getwyfel.

108 Nou onthou, Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens,” dat daardie selfde Gees wat voorgestel was in menslike vlees, wat Abraham Elohim genoem het . . . Weet enigiemand wat *Elohim* beteken? Sekerlik: “die Almagtige, die Selfbestaande.”

109 Abraham, die patriarg, het Hom *Elohim* genoem. Hy het Homself verteenwoordig in ’n liggaam van vlees, geëet en gedrink, en net soos enige ander menslike wese. En Hy het daardie teken vir die uitverkore Kerk gedoen voor Hy Sodom vernietig het. O, moet dit nie mis nie, broers, daardie uur het aangebreek. Elohim! Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Terwyl Sy liggaam aan die regterhand sit om voorspraak te maak vir Sy Kerk, daardie selfde Gees wat in Sy mense woon, God, gemanifesteer in die vorm van die Heilige Gees in Sy mense, wat dieselfde ding doen (sien julle dit?) vir die Heidene.

110 Ons het tweeduisend jaar gehad sedert ons dit gehad het, maar Hy het gesê dit sou in die aandtyd wees. Die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd. Daar sal 'n dag wees wat nie nag of dag genoem sal word nie."

111 Nou, die s-o-n kom op in die ooste en sak in die weste, en die S-e-u-n, soos die s-o-n van God, hierdie is die S-e-u-n van God, Hy het eerste na die ooste toe gekom. Ons het 'n droewige dag gehad, ons het genoeg gehad om by die kerk aan te sluit, en 'n organisasie te maak, en 'n paar mense in te bring, julle name op boeke sit, en vergifnis van julle sonde kry, maar die profeet het gesê: "In die aandtyd sal dit Lig word." Dis wat. . .

112 Ons is net hier by die Weskus, ons is minder as 'n halfmyl van die waters af, as ons oorgaan, is ons weer terug by die ooste. Dis waarom sonde oorvloedig is, die golwe het dit laat opkom, en sy is net besmet. Maar Hy het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd."

113 Nou, Hy het gewerk met die Samaritaanse vrou, en die broers in die boot het gesê: "Weet julle wat? Ons het almal gedink dat Hy in 'n lokval gevang was. Ons wonder wat Hy nou sal doen, sy het dit ontken, sy het gesê: 'Ek het nie 'n man nie.'"

114 "Maar luister wat Hy gesê het." Ek kan Andréas hoor sê: "Maar broers, onthou julle wat Hy gesê het? Hy het gesê: 'Jy het die waarheid gepraat. Jy het vyf mans, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie. Jy het reg gesê.'

115 "Nou, ons het gedink hierdie Samaritaanse vrou, wat 'n slegte karakter was, dat sy sou sê, soos die goed-opgeleide predikers het, sê: 'Wel, jy moet Beëlsebub wees.'" Sy het meer van God af geweet as wat baie predikers vandag weet. "Sy het gesê: 'Meneer, ek sien dat U 'n profeet is.'" Nou, luister na haar woorde, lees dit, Johannes 4: "'Ek sien dat U 'n profeet is. Ons,'" ons, Samaritane: "'ons weet die Messias kom, en die Messias sal vir ons hierdie dinge vertel, dit gaan die teken van die Messias wees. Maar Wie is U?'

"Hy het gesê: 'Ek is Hy wat met jou praat.'

116 "En sy het in die stad ingehardloop, en gesê: 'Kom, sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie? Is dit nie die teken wat die Messias veronderstel was om te wys nie?'"

117 En die Bybel het gesê: "Die manne van Samaria het in Hom geglo oor wat die vrou vir hulle gesê het wat Hy gedoen het." Was dit Jesus gister? Dit sou Jesus vandag wees, as Hy dieselfde Messias is. Veel meer waarnatoe ons kon gaan, ons het nie tyd nie.

118 Omtrent daardie tyd, het hulle die roeispane teruggesit in die water, 'n paar keer geroei. Julle weet, die hele tyd wat hulle getuig het, was hulle baie stil, maar omtrent die tyd dat hulle ophou

getuig het, omtrent soos die tyd wanneer die kerk ophou getuig, God lof en eer gee, moes Satan opgekyk het oor die heuwel, hy het gesê: "O, daardie . . . Ek het hulle net waar ek hulle wil hê, hulle het sonder Hom vertrek."

119 Ek's bevrees dis wat die kerk vandag gedoen het. Julle het so geïnteresseerd geraak in of julle aan die Vierkant behoort, of die Gemeentes, of die Eenheid, of die Tweeheid, of wat dit ook al is, julle is so geïnteresseerd dat julle nie 'n gebou 'n bietjie groter as die ander een gaan bou nie, of julle nie iets 'n bietjie groter gaan doen, of 'n groter Cadillac hê, of iets beter as die res van hulle nie, ek dink op ons groot programme en ons verenigings het ons sonder Hom vertrek.

120 Satan het dit gesien en hy het begin blaas met sy giftige asem, die waters omgekrap, gesê: "Ek sal hulle verdrink."

121 O, ja, hy blaas met sy giftige asem reg in die Pinksterkerk in. Ek weet baie Pinkstermense het al die gedagtes van Goddelike genesing opgegee. Sekerlik, hulle glo dit nie. Ek het na 'n Pinksterkerk toe gegaan, nie lank gelede nie, om 'n paar stoele te kry, ons het 'n arsenaal gehad, en duisende het buite gestaan, ek het afgegaan en hierdie Pinksterbroer gevra, hy het omtrent vyfhonderd stoele gehad, ek het gesê: "Kan ek hulle by jou huur, Broer?"

Hy het gesê: "Om daardie genesingsdiens te hou?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

122 Hy het gesê: "Ek sou nie 'n persoon op my stoele laat sit wat in Goddelike genesing glo nie." Daar het julle dit, dis Pinkster. Moenie lag vir die Baptiste nie.

123 Sy giftige asem! Julle het te veel afgegaan op denominasionele punte, het afgegaan op groot dinge, probeer om Hollywood na te boots, om dinge te probeer doen soos hulle hier aan die Weskus doen, of op enige ander kus, om die wêreld te probeer naboots, hy het julle Daarsonder gesien, uitgebroei uit 'n klomp skole iewers, 'n klomp broeikaspredikers. Dis reg.

124 Ek het altyd jammer gevoel vir 'n batteryhoender, dit: "*Tjirp, tjirp*," net, en het nie enige mamma gehad nie. Dis hoe ons vandag predikers produseer, met grade van sielkunde. Ons groot, beroemde Pinksterbeweging, nou voor 'n sendeling oorsee kan gaan, 'n groot Pinksterbeweging, moet hulle voor 'n sielkundige verskyn om te sien of hulle intellek reg is.

125 Julle is afvallig wanneer julle dit het. Reg. Wie is ons intellek? Dis die Heilige Gees, Jesus. Maar ons het dit, ons neem hulle voor dokters, psigiaters, manne van die wêreld, om uit te vind of hulle intellektueel sterk genoeg is om 'n sendeling te wees. Huh! O, goeiste, die giftige winde waai beslis.

126 Dit het die kerk by 'n punt gebring, jy nie meer Pinkstermense van enigiemand anders kan onderskei nie,

hulle lyk almal net omtrent dieselfde. Gaan rond, ons vroue wat ou onsedelike kleertjies dra, en ons, klomp van ons broers gaan daar uit en jy sien hulle staan op straat en grappe vertel wat, *hmm*, dronk matrose nie sou vertel nie. Jy sien hulle daaronder, twee of drie verskillende vroue, wat in die kerk lewe, en hulle diakens maak, en alles, en uitgaan en optree net soos die wêreld.

127 Jy hoor nie meer die outydse biduur, en die uitroep na God nie, dis alles vergete, dis alles verby, julle sien. Ek is bevrees ons het vertrek sonder Hom. Dink julle nie so nie?

128 Ons het 'n oorlog gehad, en 'n klomp geld het ingestroom, en geld het van oral af begin vloei, en ek dink ons het agter groot geboue aangegaan, en groot denominasies, en groot dinge, en ons het Hom agtergelaat. Dis reg.

129 Toe het dit gekom by 'n punt waar alle hoop weg was, sy was net op die punt om te sink, wens dat ek 'n rukkie hierby kon stilstaan, maar ek het belowe om dit nie te doen nie, rondgeslaan het in daardie golwe, hulle was net omtrent gedaan. Maar julle weet, ek het hierdie troos om julle te vertel: Hy het nie te ver weggegaan nie. Weet julle wat Hy gedoen het? Hy het geweet dit sou gebeur, Hy het geweet hulle gaan in daardie toestand beland, en dan het Hy geweet jy gaan in daardie toestand beland. Sekerlik. Wat het Hy gedoen? Sodat Hy hulle kon dophou, het Hy op die hoogste berg geklim wat daar in die land was. Hoe hoër jy opgaan, hoe verder kan jy sien. En Hy het bo-op die berg geklim, en Hy was daarbo op die top van die berg en het hulle daarbuite gesien roei.

130 Wens ek kon sing: "Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou my dop." Weet julle dit nie? Hy sien jou swaarkry en probleme, Hy sien hoe siek jy is, Hy kan aangeraak word deur die gevoel van jou swakhede. Nie net het Hy 'n berg geklim nie, maar Hy het Gólgota geklim, en Hy het bo die maan en sterre uitgeklim, totdat Hy op die troon van God sit, totdat Hy heelalle kan sien. Hy kyk, Hy wag.

131 Net in die middernagtelike uur, toe daar geen hoop meer was nie, die bootjie rondgeskommel het soos 'n bottelprop daarbuite, toe tienduisend duiwels van die see gesweer het dat hulle daardie dissipels daardie nag sou verdrink, omdat hulle vertrek het sonder Hom (Dis wat Satan vandag sê: "Ek het daardie Pinkstergroep, ek skud hulle. Hulle baklei met mekaar, hulle stem glad nie saam nie, hulle is net soos die wêreld. Ek skud hulle heen-en-weer so hard as wat ek kan, ek sal hulle binnekort afskud tot 'n koue, formele groep."), maar net in daardie groot uur, hier het Hy na hulle toe aangeloop gekom op die see.

132 Broer, suster, luister ter afsluiting, dieselfde ding gebeur nou wat toe gebeur het, die enigste Ding wat hulle kon help, en hulle kon terugkry na veiligheid, hulle was bang Daarvoor, Dit het spookagtig gelyk vir hulle, hulle het gedink Dit was 'n gees.

En vandag wanneer Christus na ons toe aangestap kom met Sy Messiaanse krag, met Sy Messiaanse teken, net soos Hy gesê het: sê ons: "Dis 'n telepatie, of miskien, miskien, 'n fortuinverteller. Miskien is dit *dit*, *dat*, die *ander*." En hulle weet nie dat die Skrifte die belofte gemaak het nie.

133 Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en as Hy vanaand kon praat, sou Hy vir julle harte sê: om julle hier te troos wat siek is: "Moenie vrees nie; Dit is Ek; wees nie bevrees nie." *Hier* is Sy Woord wat die belofte gee, *hie*r is wat Hy gesê, Hy belowe het. Ek glo dat Hy nou hier is. Glo julle dieselfde saam met my?

134 Kyk! O, mense, luister net 'n oomblik na my. Wat as Hy onder ons sou kom instap vanaand, en Homself sou bewys dat Hy die Messias is? Sal jy bang wees om te sê: "Here Jesus, ek aanvaar U as my Geneser, ek's nie bang nie, die dokter het gesê my ure is verby, dis 'n middernag, ek het kanker; Ek—ek het hartprobleme; ek is sterwend; ek's kreupel, hulle sê ek sal nooit loop nie, maar ek's nie bang vir U nie"?

Julle sou Hom hoor sê: "Moenie bang wees nie, Dis Ek, Ek het belowe Ek sal dit doen. Soos dit was in die dae. . . " [Leë kol op band—Red.]

135 . . .?. . .kon sê in 'n leeftyd. U is ons God, en ons het U lief. En U is van ewigheid tot ewigheid, God. Ek bid U, Vader, dat U ons sal help vanaand. Nou, as U net vanaand onder ons sal instap, Vader, na hierdie gebroke boodskappie, om die mense deur die Bybel te laat sien wat U was, en wat U beloftes is!

136 U het Uself verteenwoordig, en Uself bewys, en dit was die teken dat U aan hulle bewys het dat U die Messias was vir beide Samaritaan en Jood, maar U het dit nooit voor die Heidene gedoen nie, nie een keer nie. Maar U het belowe U sou dit doen in die laaste dae, net, nie soos dit in Noag was nie, maar soos in Sodom voor die Vuur, dis toe U dit gedoen het, dis toe U die teken gedoen het vir Abraham, die uitgeroepte Kerk.

137 Ek bid, nou, Vader, dat ek met my hele hart glo dat die mense, U Kerk, uit elke organisasie uitgeroep word, elke denominasie, Metodis, Baptis, Katoliek, Presbiteriaan, wat ook al, hulle is die Kerk omdat hulle gebore is in die mistieke Liggaam van Christus. Baie van hulle is hier verteenwoordig vanaand, Vader. Ek bid dat U die seëninge sal skenk wat ons vra.

138 Ek's nie voldoende nie, Here, daar's niks meer wat ek kan sê nie, ek kan net U Woord aanhaal, Dit net aanhaal vir die mense soos Dit geskryf is, en hulle vertel. Nou hang dit van U af om te getuig of ek die waarheid vertel het of nie. Ek bid dat U dit sal doen, dat elke persoon hierbinne U mag omhels en sê: "Kom in my bootjie in, Here."

139 En sodra Hy in die bootjie ingegaan het, het die Bybel gesê: "En dadelik was hulle by die oewer." O God, dit sal net 'n klein

bietjie neem om hulle gesond te kry, om genees te word, of om gered te word, wanneer hulle U sal nooi, en U binne-in hulle sal ingaan, in hulle klein bootjie, terwyl hulle oor die lewe se diep see vaar.

140 Baie is hier, sonder twyfel, vanaand, Here, maar wat die golwe van siekte, kanker, TB, hartprobleme teen hulle slaan, hulle is op die punt om te sink, daar is geen hoop nie. Maar mag hulle nie vanaand bang wees nie, Here, want ons kan daardie vertroostende Stem hoor, deur U Woord wat sê: "Dit is Ek; hou goeie moed; wees nie bevrees nie." Ons sal nou vir U luister, Vader. Hierdie is U Woord, U het dit belowe.

141 Ek, ons is U diensknegte, ek kan dit nie doen met die salwing wat U my mag gee nie, U sal hulle ook moet salf, om dit te glo, Vader, want toe U na U Eie land toe gegaan het, kon U baie magtige werke nie doen as gevolg van hulle ongeloof nie. Dis toe U gesê het 'n profeet is nie sonder eer behalwe in—in sy eie gemeenskap, sy eie—sy eie distrik, of, land nie. En ek bid, Here, dat U U Woord sal eer vanaand, en Dit opnuut sal laat lewe voor hierdie mense.

142 Vader, kyk na hulle, hulle is siek, hulle is behoeftig, hulle lê in hierdie warm kamer, honderde van hulle weggewys, en hulle staan tot hulle ledemate kramp en seer is. God, laat Satan nou uit hierdie plek uitbeweeg, laat ware geloof van God inbeweeg, mag hulle verstaan. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, soos ons onsself en hierdie gehoor toevertrou aan U. Amen.

143 Luister net na daardie lied, *Glo Net*. Ek kan die apostels sien. Tien dae tevore, is hulle mag gegee om duiwels uit te dryf, die siekes te genees, en hier is hulle, met 'n epileptiese seun, verslaan. Hulle het waarskynlik geskree, en voete gestamp, en olie op hom gegooi, en geskree: "Kom uit, jou duiwel!" Daardie duiwel het net daar gelê. So—so toe het die Seun van die mens, die Seun van God, teen die heuwel afgekom, toe Satan dit geweet het, het hy geweet hy het nie daardie apostels ontmoet nie.

144 Die vader het gesê: "Here, wees my seun genadig, hy's erg van die duiwel besete. Dikwels, val hy in die vuur en in die water om hom te vernietig. Ek het hom na U dissipels toe gebring, hulle kon hom nie genees nie."

145 Wel, waarom kon hulle hom nie genees nie? Nie omdat hulle nie krag gehad het nie, omdat hulle nie geglo het nie. Dis, vanaand, as jy siek hier uitgaan, is dit nie omdat God nie die krag het nie, Hy het dit vir jou gegee; want jy glo dit nie, dis al. Dieselfde ding. Jesus het gesê: "Ek kan, as julle glo." Is dit reg? Julle moet glo.

146 Billy, die gebedskaartjies uitgegee? B, een tot 'n honderd. Daar's gebedskaartjies B, een tot 'n honderd. Nou, hoeveel was hier toe die kêrels die kaartjies uitgegee het? Laat ons julle sien. Nou, julle weet wat hulle gedoen het, hulle bring die

kaartjies hiernatoe, skommel hulle, sodat julle 'n kaartjie kan kry, enigiemand wat dit wil hê. Jy mag nommer een kry, die ander een kry nommer agt, en 'n ander een kry nommer sestien, 'n ander een kry twee-en-dertig, jy weet nie waar dit gaan wees nie, daarom weet die seun nie, weet niks van die gebedskaartjies nie. En dan wanneer hy gekom het, sê jy: "Van waar af gaan jou vader roep, vanaand?" Hy weet nie, ek weet nie, maar ons roep van waar die Heilige Gees my ook al plaas.

147 Ek het altyd klein kindertjies geroep, gesê: "Kom hiernatoe, Junior, en tel, waar jy stop, dan—dan sal ons van daar af begin." Moeder sou vir Junior sê waar om te stop, so dit sou net nie, julle weet dit werk net nie, so op hierdie manier is dit soewerein.

148 Waar het ons nou die aand begin, broers? Ons het by een begin, het ons nie, en opgegaan na, ja, opgegaan van een tot vyftien. Daardie. . . Ons wil net 'n paar kry. Een persoon behoort dit te doen, of julle hoef glad nie eers op te kom nie, julle net geloof sal hê. Daar word meer genees daarbuite as wat daar hierbo word, in elk geval.

149 Laat ons vanaand êrens anders begin. Een, twee, drie, vier, vyf. Kom ons sê, laat ons begin van waar af? Een tot 'n honderd. Net om te begin sodat ons kan. . . Kom ons begin van iewers anders as een. Jy het uitgegee van een tot 'n honderd in B. Dis gebedskaartjie B, gebedskaartjie B. Kom ons begin by vyf-en-dertig. Dit sou vyf-en-dertig, veertig, vyf-en-veertig, vyftig wees. Dit sou wees—dit sou vyftien daar wees.

Gebedskaartjie B, vyf-en-dertig, wie het dit? Is jy seker? Um, verskoon my? O, hier. Ek's jammer. Kom net hiernatoe, dame.

150 Ek wonder of julle kleintjies reguit sou terugbeweeg op hierdie manier, kinders, as julle sou, net hier, reguit terug na hierdie kant om die altaar, skatjies, as julle sou. Julle is baie goeie kindertjies, so stil gesit daar terwyl ek gepreek het.

151 B. . . Wat was daardie nommer wat ek sou roep? Vyf-en-dertig. B, vyf-en-dertig. Goed. Wie het ses-en-dertig? Gebedskaartjie ses-en-dertig, B, ses-en-dertig. Goed, dame. Sewe-en-dertig. Wie het sewe-en-dertig? Goed, dame. Agt-en-dertig, agt-en-dertig. Wie het agt-en-dertig? Enig-. . .? Agt-en-dertig, nege-en-dertig. Wie het gebedskaartjie B, nege-en-dertig? Goed. Veertig. Goed. Een-en-veertig, twee-en-veertig. Twee-en-veertig, ek het dit nie gesien nie.

152 Nou, miskien is iemand doof vanaand, wat nie kan hoor nie. Kyk rond na jou buurman se kaartjie. Sien? Mag iemand wees wat nie kan opstaan nie. Nou, dit beteken nie hulle sal genees word nie. Dis—dis. . . Dit kos jou geloof in God, ek het dit vir jou gesê, jou geloof in God.

153 Veertig-. . . Laat ons sien, waar het ek nou weer begin? Ses-en-dertig, dertig-. . .? Ek het op twee-en-veertig begin? Nee, ek het op vyf-en-dertig begin. Vyf-en-dertig, ses-en-dertig,

sewe-en-dertig, agt-en-dertig, nege-en-dertig, veertig, een-en-veertig, twee-en-veertig. Twee-en-veertig? Nou, dis hier iewers, of behoort te wees. Twee-en-veertig, B, twee-en-veertig.

154 Kyk na jou buurman, mag nou doof wees, en kan nie opstaan nie, sien, my nie hoor nie. Twee-en-veertig, B, twee-en-veertig. Miskien het hulle uitgegaan. Drie-en-veertig, B, drie-en-veertig. Hier oorkant. Vier-en-veertig, vyf-en-veertig. Steek julle hande op, dan kan ek julle maklik sien. Vyf-en-veertig. Ver agter aan die agterkant, goed. Vyf-en-veertig, ses-en-veertig. Hier oorkant. Sewe-en-veertig. Goed, meneer. Agt-en-veertig. Net hier. Nege-en-veertig. Dis goed. Goed, vyftig. Ver agter in die hoek. Goed.

155 Nou, sodat ons nie sal . . . Nou, ons mag in staat wees om by veel meer as hierdie uit te kom. Nou wil ek hê almal hierbinne wat nie 'n gebedskaartjie het nie, en jy is siek, moet jou hand opsteek, nie 'n gebedskaartjie het nie. Goed.

156 Goed, nou kyk, nou, terwyl hulle hulle bymekaar kry, gee my nou julle aandag. Nou, moenie dat enigiemand senuweeagtig raak nie, en moet asseblief nie die gebou verlaat nie, asseblief. Sit net stil, baie stil. Nou, binne vyftien minute sal ons uit wees, as julle net sal stilbly, baie stil. Julle sien, wanneer die Heilige Gees . . .

157 Hoeveel het nou die foto Daarvan gesien? Ons het dit regoor die land. Dis oral oor die wêreld, hang in Washington, DC, 'n Vuurkolom wat George J. Lacy, die hoof van die FBI, vingerafdruk en dokument, die foto geneem en dit ondersoek het vir dubbele blootstelling en alles, hy het gesê: "Die lig het die lens getref," en 'n beëdigde verklaring daarvan onderteken. Gesê: "Dis nie sielkunde nie, want die—die meganiese oog van hierdie kamera sal nie sielkunde afneem nie."

158 Nou, sê dit is dieselfde Vuurkolom. Hoeveel weet dat die Vuurkolom wat die kinders van Israel in die woestyn gevolg het, Christus was? Sekerlik, dit was. Die Engel . . . Wel, toe Hy hier was, het Hy gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Is dit reg? Wel, toe Hy hier op aarde was in 'n liggaam van vlees, sien julle wat Hy was?

159 Luister, baie stil nou, julle—julle sal dit mis. Sien julle wat Hy gedoen het toe Hy hier was? Hy het Homself as Messias verklaar. Is dit reg? Ons het so pas daardeur gegaan. Nou, Hy het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, Ek sal met julle wees. Ek kom van God af, Ek gaan na God toe." Hoeveel weet die Skrif sê dit? Wel, waarvandaan het Hy dan gekom? Daardie Vuurkolom, hieronder en het in vlees gewoon, en teruggekeer na daardie Vuurkolom. Glo julle dis wat Hy gedoen het?

160 Wel, Paulus, of Saulus, liewer, wat afgegaan het na Damaskus, was op sy pad, en 'n groot lig het voor hom geflits,

en—en hom platgeslaan en sy oë verblind. Is dit reg? En Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Dit reg?

161 Toe Petrus in die tronk was, wat was Dit wat ingekom het in die selle en agter die tralies, en die deure oopgemaak en hom uitgeneem het? 'n Lig, Vuurkolom. Dan, as daardie selfde Vuurkolom wat ons het . . .

162 Die wetenskaplike wêreld weet dis die waarheid. Mnr. Lacy het gesê, hy behoort te weet, hy's 'n regeringsman, hoof van die FBI, die vingerafdruk en dokumente, van die vingerafdrukke, ensovoorts, hy het gesê: "Daar was nog nooit tevore 'n foto wat ooit wetenskaplik bewys is dat daar 'n bonatuurlike Wese is nie." Nou, dis reg. Dis reg op sy dokument. Ons het dit net hier. Een van hulle hang in die godsdienstige kunssaal in Washington, DC, die enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer is.

163 Broer Arganbright was by my (Net *hier*. Hoeveel ken vir Broer Arganbright? 'n Goeie, eerlike man.), wat net daar gestaan het (Waar was dit, Broer? Was in Duitsland?) in Lausanne toe hulle wou weet of die, daardie Duitse kamera dit sou afneem. Ek het gesê: "Miskien sal dit."

164 So toe ek Hom voel kom het, was daar 'n priester, wat daar oorkant gestaan het, die Heilige Gees het hom begin vertel hy was 'n leier van kommuniste, en vir hom gesê hy het maagprobleme gehad, ensovoorts, hulle het die foto begin neem, en hulle het die foto gekry Daarvan wat afkom, toe Dit gesalf het, en toe Dit teruggegaan en weggegaan het, Duitse kameras. O, hulle het dit oral gekry. So die wetenskaplike wêreld, as ek vanaand sterf, die wetenskaplike wêreld weet dit is waar, kom van God af.

165 Die Kerk om die wêreld weet Dit kom van God af, want Dit het dieselfde tekens wat Dit gehad het toe Dit in ons Here Jesus gewoon het. En ons is seuns en dogters van God deur aanneming deur Hom, en Sy Gees wat in Hom was, is in ons. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Verstaan almal baie goed?

166 Nou, laat ek weer sien, julle sonder gebedskaartjies wat siektes en kwale het, en julle wil hê God moet julle genees, ek gee nie om waar julle is nie, steek julle hande op. Wel, dis net omtrent oral. Nou, wees baie eerbiedig, moenie enige geraas maak nie, bly baie eerbiedig. Bly net baie soet in jou siel, en doen jy dit: Jy sê, laat ek jou nou 'n Skriffie gee, sê jy: "Here, ek is soos die vrou wat deur die skare gedruk het. Toe sy gesien en herken het, sy het 'n bloedvloeiing gehad, sy het U gesien, en sy het gesê, by haarself: 'As ek daardie Man se kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word.'"

167 Onthou julle die storie? En, waarskynlik, het sy nie 'n gebedskaartjie gehad nie. Maar sy wou deur die skare kom, en

sy het deurgedruk. So sy het Sy kleed aangeraak, dit was nou 'n loshangende kleed, die Palestynse kleed, Hy sou dit nooit fisies gevoel het nie, want dit was bewys, sy het Hom *so* aangeraak, en sy het teruggegaan, gaan sit. Hy het omgedraai, en gesê: "Wie het My aangeraak?"

168 En die groot Petrus het gesê, hy het Hom bestraf, met ander woorde, mag hy so gesê het: "Wat bedoel U om so-iets te sê? Wel, dis 'n—dis 'n onverstandige vraag! Waarom sou U so-iets sê? Wel, almal het hulle arms om U, en skud U hande, en sê: 'Rabbi, ons is bly om U te sien.' Wel, waarom sou U so-iets vra?" Sien, dis wat mense vandag doen.

Hy het gesê: "Maar hierdie was 'n ander aanraking, ek sien dat ek swak geword het."

169 Nou, as een aanraking soos daardie die Seun van God sou swak maak, wat sou dit aan my doen, 'n sondaar gered uit genade? Want die vertaling het ek julle 'n rukkie gelede gegee: "Hierdie dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, en *meer* as hierdie." Hy is my Krag. Sien? Maar dit maak jou swak. Daniël het een visioen gesien, was ontsteld in sy kop vir baie dae. Sien? Nou, Hy het omgedraai, Hy het gekyk tot Hy gevind het, toe het Hy vir haar gesê wat haar probleem was, en sy is genees.

170 Nou, aan hierdie predikers, veronderstel ek, wat hier op die platvorm sit, my broers, en in die gehoor, hoeveel predikers, hier vanaand, het die Skrif gelees wat Jesus Christus is, net nou, ons Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Hoeveel ken dit? Goed. Wel dan, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, is Hy dieselfde Hoëpriester, dan sou Hy dieselfde moes optree as wat Hy gister gedoen het, as Hy dieselfde Hoëpriester is. Is dit reg? Want God kan nie verander nie. Sien?

Wel, nou, as julle net sal wees, moenie—moenie senuweeagtig raak nie, moenie enigiemand opstaan nie, sit net stil, en julle nie senuweeagtig sal wees nie, en net stil sal kyk.

Gesê: "Broer Branham, kan ek jou kom aanraak?"

171 Dit sou niks meer wees as om daardie bank *daar* aan te raak nie, sal julle net so min help om dit aan te raak, as om my aan te raak. Ek is nie, niks aan my nie, ek's net 'n goeie sondaar, gered deur die genade van God. Jou man aan te raak, jou vrou aan te raak, jou broer aan te raak, iemand anders aan te raak, net dieselfde wees, jy raak die mens aan.

172 Nou, dit maak geen verskil of ek my hande op jou sit of nie, maar raak net eenkeer aan Hom. Raak net aan Hom, en laat Sy herrese Lewe wat nou onder ons is, kyk wat Hy sal doen. Kyk of Hy nie steeds dieselfde Hoëpriester is nie.

173 Broers, as Hy—as Hy dit sal doen, lyk dit asof dit elke kinkel uit julle verstand behoort uit te haal. Is dit nie? Dit lyk asof dit so volmaak is, daar's die Woord wat dit sê. Sien?

174 Nou, die enigste ding wat jou keer om dit te ontvang, is 'n diep vaagheid, wat sê: "O, ek wens hy wil huis toe gaan, ek's so moeg. O, ek—ek voel so sleg, ek wens hy wil ophou." Jy sien, jy sal nooit niks kry nie.

175 Moet bedag wees, dophou, eerbiedig dophou, glo, "Here, hierdie is my uur. Ek kom, Here, laat my U aanraak, daardie man ken my nie."

176 Hoeveel daarbuite is 'n vreemdeling vir my? Steek jou hand op, weet dat ek jou nie ken nie. Hoeveel in die gebedsry, dat ek 'n vreemdeling vir julle is, dat ek julle nie ken nie? Steek julle hand op. Elkeen. Regoor die gehoor, daar is nie een persoon net nou hierbinne waarna ek kyk, of enige plek wat ek kan sien, wat ek ken nie, nie 'n persoon nie.

177 Hieragter is die enigste een wat ek ken, my eie seun wat daar staan, Broer Arganbright hier, die prediker hier, ek het hand geskud met hierdie broer hier, my veldsekretaris, en een van die bestuurders wat net hier sit, dis die enigste mense in hierdie gebou wat ek ken. En as daar enigiets verkeerd is met hulle, sal ek nie met hulle praat nie. Ek sal dit laat gaan, soos ons gisteraand in die kamer ingekom het, daaragter, ek sal dit laat gaan tot dan.

178 Maar nou, ons—ons het nou daaroor gepraat, ons het daaroor gepreek, dit verklaar met die Woord. Hoeveel weet. . . sê: "Die Woord sê so"? Kom ons sien julle. . . Hoeveel sê dat "Ons glo dat Jesus bedoel het net wat Hy gesê het, dat daardie Engel terug sou wees op aarde by die uitverkore Kerk"?

179 Nou: "My skape hoor My Stem," 'n ongelowige stap weg en skud sy kop: "Nee, meneer." Maar Hy—Hy is nie na hom toe gestuur nie, Hy is gestuur na die gelowige, soos Abraham. Het nooit afgegaan in Sodom nie, Hy het na die uitverkore Kerk toe gegaan, die uitgeroepte Kerk, die afgesonderde Kerk, en Hy het hulle daardie teken gewys. Soos Hy toe was, Jesus het gesê dieselfde ding sou plaasvind.

180 Nou, hoeveel glo dat dit waar is, tyd is, dit die uur is? Nou, as Hy sal kom, en iets sal doen aan hierdie mense hier net dieselfde as wat Hy toe het, buite in die gehoor hier, en hierrond, waar dit ook al mag wees, as Hy dieselfde ding sal doen, hoeveel sal belowe dat "Met al die geloof wat ek het, sal ek Hom aanvaar"? Steek julle hand op, elkeen wat wil. . . Sien, ek probeer die plek vind.

181 Nou, laat ons net 'n oomblik saggies sing, *Glo Net*, as jy, Suster, vir ons die noot daarvan sal gee:

Glo net,

Wees almal nou eerbiedig, wees in gebed.

. . . glo,
Alles is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alles is moontlik, glo net.

182 Nou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, neem ek elke siel hierbinne onder my beheer, tot die eer van God. Moenie rondbeweeg nie, wees baie eerbiedig. Goed, begin jou . . .

Sal jy net 'n bietjie nader kom?

183 Nou, aan die gehoor: Nou, ek het gepreek so ek wil met hierdie vrou praat. Nou laat ek dit nou Skriftuurlik baseer, vir julle, laat ons neem waar ek gepraat het, laat ons sien, sal Johannes 4 wees. Hier is 'n man en 'n vrou. Ek glo jy het jou hande opgesteek dat ons vreemdelinge vir mekaar was. Ons is vreemdelinge. Sodat die gehoor ver agter aan die agterkant sou weet dat ons vreemdelinge is, sal ons net albei ons hande opsteek dat ons mekaar nie ken nie.

184 Nou, hierdie is net soos Johannes 4. Ons Here het by 'n put gekom, en 'n vrou ontmoet, Hy het haar nog nooit gesien nie, sy het Hom nog nooit gesien nie, maar Hy het beskryf wat daardie vrou se toestand was, waar haar probleem was. En, vinnig, het sy gesê: "U moet 'n profeet wees. Ons weet die Messias kom, en wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel." Hoeveel weet dis waar?

185 En nou, Suster, ek het net klaar gesê, ek glo, dat—dat Hy op Sy pad na Jérigo was, maar deur Samaria moes gaan, en die Vader Hom soontoe gestuur het. Wel, nou, as ons nie mekaar ken nie, ek het jou nog nooit gesien nie, en jy het my nog nooit gesien nie, en hierdie is ons eerste ontmoeting, dan . . .

186 Ek glo God het my hiernatoe gestuur. Broer Arganbright daar het my geskakel, en my gevra of ek na Long Beach toe sou kom, en ook na Broer Arnie Vick toe sou kom. Ek het vir hom gesê ek sou. Wel, hulle het albei weke hier bepaal vir een of ander rede, dan glo ek dit was God wat dit gedoen het.

187 Dan is ek hier, dan is jy hier. Vader het my hiernatoe gestuur, maar ek ken jou nie. So as die Messias net dalk sal . . . Ek wat 'n man is, menslike wese, jou Broer Branham, ek weet niks van jou af nie, God weet dit, en Sy Woord hier. Maar as die Messias sal kom en my salf, dan sal Hy dieselfde ding doen wat Hy daaronder gedoen het, Hy sou weet wat jou probleem was, en vir jou kon sê.

188 Nou, wat as—as Hy Self hier gestaan het, in persoon, nie ek nie, maar Hy? Jy sou sê: "O Here Jesus, genees my."

189 Nou, Hy kon dit nie doen nie, Hy sou sê: "Kind van My, Ek het dit alreeds gedoen toe Ek vir jou gesterf het." Maar dan sou Hy sê: "Dat jy mag weet dat Ek Hy is, sal Ek maak soos Ek het toe Ek hier op aarde was, want Ek kan nie verander nie. Sien?

Nou, as die Vader my sal wys wat jou probleem is, sal jy dan glo dat Ek Messias is?"

Jy sou sê: "Ja, Here." En Hy sou miskien dieselfde ding doen wat Hy gedoen het, want Hy sou moes, Hy—Hy's dieselfde.

190 Maar sien nou, Hy Self, die liggaam, Jesus Christus, sit aan die regterhand van God in die Hemel, maar Hy het die Heilige Gees teruggestuur, die Gees wat op Hom was. Nou, Hy het Dit onbeperk gehad, die volheid van die Godheid was liggaamlik in Hom. Ek het net 'n klein lepeltjie vol, dis wat ons het, het dit ten dele. Maar as ek 'n lepel water uit die oseaan geneem het, en dit hiernatoe gebring het en die chemikalieë daarin getoets het, is dieselfde chemikalieë in die hele oseaan in daardie lepelvol, net nie soveel daarvan nie.

191 Sien, soos ek praat, hou ek iets dop. Jy is bewus dat iets aan die gang is. Nou, as die gehoor dit kan sien, wat tussen my en daardie vrou staan, staan daardie Lig waarna julle op die foto kyk. *Daar* is Dit. Nou, dit laat my goed voel, ek weet Hy's hier, ek was eers 'n bietjie bekommerd, maar Hy's nou hier. Julle is bewus dat iets aan die gang is. Ek wil hê julle moet vir die gehoor getuig of dit so is of nie, net 'n oomblik gelede het 'n baie soet, gemaklike gevoel gekom, net 'n lekker, gemaklike gevoel. Dis reg, is dit nie?

192 Nou, as die Here Jesus my iets van jou sal laat weet, dat, ek weet niks nie, maar as Hy my iets kon vertel wat jy was, of soiets, Hy vir jou kon sê wat jy was, sou Hy weet wat jy sal wees, as Hy jou dit kon sê, sou jy kan besluit of dit korrek is of nie.

193 Jy is bekommerd oor iets van jou heup, glo ek, iets verkeerd met jou heup, dis waarvoor jy wil hê ek moet bid. As dit reg is, steek jou hand op sodat die mense kan sien.

194 Goed. Glo jy nou met jou hele hart? Nou net 'n oomblik. Sien? Sodat julle nie sal. . .julle goed sal verstaan dit was nie 'n raaiskoot nie. Maar dis soveel as wat Jesus gedoen het met die vrou by die put. Dis reg. Is dit reg? Dis reg. Maar nou net om julle te laat weet dat Hy Sy Woord hou: Dit bewys dit.

Jy sê: "Dit kon 'n raaiskoot gewees het, Broer Branham."

195 Hoe kon ek dit raai, wanneer, net nou, ek nie geweet het wat ek vir haar gesê het nie? Dit sou vanaf die bandopname moes kom. Nou wees eerbiedig.

196 Kyk net weer, net bloot vir 'n visioen, dis al, ek hou jou dop, ja, ek sien jou teruggaan, terug, terug, ja, dis—dis in jou heup. Goed, jy het 'n heupprobleem.

197 En jy het iemand anders op jou gedagte vir wie jy bid, dis 'n seun. Iets verkeerd met hom, in 'n gips. Dis reg. En dan is daar iets anders, daardie seun is geskadu, dit beteken dat hy—hy verlossing nodig het, hy's nie 'n Christen nie. Dis waar. Glo jy

God kan vir my sê wie jy is? Sal dit jou help? Wel, sou dit? Mev. Morris. Gaan, glo.

Nou, glo julle aan die Here Jesus Christus? Nou, steek net julle hande op, en sê: "Dank U, Here Jesus."

198 Ons Hemelse Vader, U het ons nie alleen gelaat nie, U het ons geseën en ons van U goedheid gegee. Ek bid dat U ons sal help om nou te glo, en elkeen genees sal word. Deur Jesus Christus ons Here, vra ons dit. Amen.

199 Nou sit asseblief, asseblief, asseblief. Moenie beweeg nie, bly stil. Sien, elkeen van julle is 'n gees. Hoeveel weet dit? Sekerlik. Kyk hier, wat is *hierdie*? My vinger. Wat is *hierdie*? My hand. Wat is *hierdie*? My oor. Maar wie is *ek*? Sien? Dis my, ek, binneste. *Hierdie* is wat aan my behoort. Dis waarvan ek praat, *jy*, jou gees. En deur nou gesalf te wees met Sy Heilige Gees, is ek in kontak met julle. Bid, bid, moenie twyfel nie. Wat kon net nou gebeur as die kerk net sou lewe?

200 Is dit die volgende persoon? Aangename kennis, dame? Ons is ook vreemd vir mekaar, veronderstel ek. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. En as Hy jou ken, dan sal die enigste manier wees wat ek in staat sou wees om jou te ken, wees deur iets wat Hy vir my sou vertel.

201 Jesus het gesê: "Ek maak net soos die Vader My wys." Sien? En dis al wat ek kan doen, net soos Vader sou wys. Maar as Hy my sal wys wat jou probleem is, sal jy Hom glo?

202 Die gekleurde dame wat daar sit, net hier, met hoë bloeddruk, glo jy Jesus Christus maak jou nou gesond? Jy het Iets aangeraak, het jy nie? Goed. Jy's nou genees, Jesus Christus het jou genees.

203 Nou, sê vir my wat sy aangeraak het, sê vir my wat sy aangeraak het. Sy het die Hoëpriester aangeraak. Ek ken nie daardie dame nie, haar nog nooit gesien nie. Maar ek het hiernatoe gedraai, ek het geweet *hierdie* was 'n wit vrou, en ek het gekyk, daar was 'n gekleurde dame wat *hier* gestaan het. Ek het rondgekyk, sy het 'n klein, snaakse dingetjie bo-op haar kop gehad, ek het gedink: "Waar is dit?" Ek het dit gevoel, soos 'n hartklop, wat gaan "*tjoe*, *tjoe*, *tjoe*, *tjoe*," ek het gekyk, daar was dit, ek het dit sien losbreek soos daardie. Ek het hulle iets om haar arm sien sit en dit oppomp, en Hy het gesê: "Hoë bloeddruk."

Dis nou verby, Suster, Jesus Christus het jou genees.

Is Hy 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede?

204 Nou wees baie eerbiedig nou. Ons wil . . . God word aanbid, ons hou daarvan om Hom te aanbid, maar die Heilige Gees is so skugter, wees net baie stil. Nou julle kleintjies wees baie soet, nou hieronder, voor, baie soet nou, baie stil.

205 Almal begin nou bid, sê: "Vader, ek is behoeftig," terwyl ek met hierdie vrou hier praat, want dis makliker om met haar in aanraking te kom. Ek sê nie Hy sal haar enigiets vertel nie, maar as Hy haar nie sê nie . . .

206 As Hy nie een ding vir jou sê nie, as ek net by jou verbygaan en hande op jou lê, weet jy daar moet een of ander soort salwing hier wees. Is dit reg? Ek sou nie hierdie dinge weet nie. Wel dan, as jy glo Dit is die Heilige Gees, kry jy jou beloning; as jy Dit iets anders noem, wat tussen jou en God sou wees, jy sien, sou ek nie weet nie. Ek kan net verklaar die Bybel sê dit, hier is Dit om dit te bewys.

207 Nou, ons suster wat voor my staan, sy ly aan 'n—'n senuweetoestand, en iets verkeerd in haar keel. Dit is reg. As dit reg is, steek jou hand op.

208 Glo jy? Hou nou net dop. Ek glo dit sal beter wees as ek net my tyd neem met 'n paar van hulle soos daardie, en dit net dophou, ek dink dit sal die gehoor beter hou as om net 'n groot skare te laat deurgaan. Nou wees net baie eerbiedig, ek voel gelei om dit te doen.

209 Daar's iets anders op haar gedagte, sy het nie—sy het haarself nog nie verlos nie, daar's iets anders hier. Ja, ek sien wat dit is, dis 'n probleem in jou sy. Dis 'n vergroeisel, is dit nie? Glo jy God kan my sê aan watter kant dit is? Aan die linkerkant. As dit reg is, steek jou hand op. Glo jy nou?

210 Daar's iets anders op jou hart, dis 'n man. Daardie man is jou man, hy sit daarbuite. Glo jy God kan vir my sê wat sy probleem is? Sal jy vir hom glo, en daardie sakdoek op hom sit? Het probleme met sy oë, en met sy ore. Dis reg, steek jou hand op. Gaan, sit die sakdoek op hom, word genees in die Naam van Jesus Christus.

211 Hê nou geloof, hê geloof. Nou raak die hele ding soos 'n Lig regoor die gebou soos hierdie, so wees nou baie eerbiedig. En as ek julle nie hierna vir 'n rukkie kan sien nie, wel, sal ons julle môre-aand sien. Nou wees baie eerbiedig, almal nou, en probeer help, werk saam met my. Julle besef . . . As enigiemand wil kom, my plek inneem, kan jy net kom, sien, sien. Maar wees net baie eerbiedig, glo nou.

212 Ek's hier . . . Ek's nie 'n prediker nie, ek—ek het nie die geleerdheid om 'n prediker te wees nie. God het my gegee . . . my iets anders gemaak, julle sien, sodat ek julle kon help. Julle pastoor kan vir julle preek en julle help, maar Hy—Hy het my dit gegee om julle te help, want ek het julle lief, en Hy het julle lief, Hy wil hê ek moet Sy liefde aan julle betuig.

213 Aangename kennis? Nou, hier is weer 'n pragtige prentjie, 'n —'n gekleurde suster en wit man. Nou, dis dieselfde as wat dit was by Samaria, 'n Jood en 'n Samaritaan. Maar Jesus het haar vinnig laat weet, gesê omdat ons grootgeword het in 'n ander deel

van die land, en ons velle in 'n ander kleur verander het, God is God van alle rasse.

214 Hy, net soos 'n blombedding, Hy het wit blomme, en rooi blomme, en blou blomme, en dis Sy ruiker, sien. Hy—Hy maak ons so, maar ons harte, ons kom almal van een persoon af, Adam en Eva. Dis reg. Die land waarin ons gewoon het, dit het ons kleur verander, het niks te doen met ons geeste en harte nie. Dis waar. God is net so werklik vir jou as wat Hy vir enigiemand anders is. Glo jy dit? En glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy die goed wat ek gesê het? Ek weet jy glo.

215 Ek het pas van Afrika gekom onlangs, laaste paar jaar, weer teruggegaan, ook. O, om daardie geloof te sien, daardie eenvoudige geloof!

216 As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Jy sal dit glo, mag Hy dit skenk. Rektale probleem, dis 'n rektale.

Nou, al julle gekleurde mense glo nou; hierdie is julle suster.

217 Wag, iets meer as dit, ook. Hy het gesê dit was 'n dermprobleem, die ingewande, en hulle krimp, verkrimp, sak inmekaar, die ingewande. Dit is reg. Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? As ek jou sê wat jou naam is, sal jy my beter glo? Sou die gehoor beter glo? Sou julle glo? Mev. Jefferson, gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. God seën jou.

Hê geloof in God.

218 Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar. (Sê vir my wanneer ek drie laat verbykom het, en dan sal ek. . .) Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie, jy ken my nie. [Die suster sê: "Ek was in jou dienste."—Red.] Mevrou? ["Ek was in jou dienste. . .?. . ."] Jy was in my diens, maar ek sou jou nie ken nie, jy het net in die gehoor gesit. Goed.

219 Iets het gebeur, maar ek het dit gemis. Dit was in daardie hoek, miskien was dit daardie dame. Die dame wat pas gaan sit het, was jy die dame waarvoor daar so pas gebid is, of iets? Ja. Ek—ek het daardie Lig dopgehou, Dit het die platvorm verlaat, maar ek het gedink dit was 'n man. Dit is 'n man, wat net daar sit, met keelprobleme. Ja. Ja, meneer. Die man wat langs jou sit, is baie gelukkig, want hy is pas genees, die heerlikheid van God op hom. Daardie man het keelprobleme gehad. Jou keelprobleem het jou verlaat, meneer. Jou vriend wat daar sit en bid vir jou, het die krag van God oor jou gebring. Gaan nou, jou sondes is vergewe, jou keel is genees. Gaan en word gesond gemaak, in die Naam van die Here Jesus.

Ek daag julle uit: Hê geloof in God.

220 Daardie dame wat daaragter sit, reguit na my gekyk het so hard as wat sy kan, sien julle nie daardie Lig wat bokant haar

staan nie? Sy ly aan ’n blaasprobleem. Glo jy met. . . ? Staan op, Suster, staan op en aanvaar jou genesing. Goed, gaan maar, Jesus Christus maak jou gesond.

221 Ek het nog nooit die vrou in my lewe gesien nie. Is ons vreemdelinge vir mekaar? Steek jou hand op, dame, as dit reg is. Goed. Gaan huis toe, gesond. Wanneer jy weer gaan sit, is daar ’n dame wat reg langs jou daar sit, ook gepla met keelprobleme. Staan op, dame, en aanvaar jou genesing. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Gaan huis toe, en word gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

222 Kan julle nie sien dat Hy lewe nie? Christus lewe, Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hê net geloof in God, kinders, hê geloof in God. Moenie twyfel nie, glo net met julle hele hart. “As julle kan glo, is alles moontlik.”

223 Jy het ’n senuweetoestand, hoes. Dis wat jou laat hoes, is jou senuwees. Jy’s bang daar’s iets verkeerd in jou keel, maar dit is nie. Wanneer jy senuweeagtig raak, dis wanneer jy meer hoes. Dis egter nie jou hoofsaak nie, jy bid vir iemand anders. Hy het ’n ongeluk gehad, het hy nie? Seun, in die hospitaal, hy’s half by sy bewussyn. Jy’s bang of hy sal sterf, of iets, hy—hy is gered, maar jy’s ’n bietjie bang hy is nie net reg deurgebid nie. Is dit nie reg nie? As dit reg is, steek jou hand op. Dis alles reg, dis reg, gaan maar, hy sal daaruit kom, jy met jou hele hart glo, en nie twyfel nie, geloof het.

224 Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Dit laat mense steier wanneer ek dit sê. Ek maak nie aanspraak om ’n profeet te wees nie, ek’s net Sy broe-. . . Ek’s—ek’s Sy dienskneg, julle broer.

225 Net ’n oomblik, net ’n oomblik, het iets iewers in die gehoor gebeur. Wees nou eerbiedig, dis reg, wees baie eerbiedig en bid nou, reik net uit en sê: “Here Jesus,” ek gee nie om wat jy nodig het nie, sê: “daardie man ken my nie. ek het nie ’n gebedskaartjie nie, ek gaan nie in daardie gebedsry wees nie, hy ken my nie, maar, Here, as U my net U kleed sal laat aanraak, dan draai U hom om na my toe.” Sien? Kyk net of dit nie reg is nie. Net, wees nou baie eerbiedig.

226 Ons is vreemd vir mekaar, ons ken mekaar nie. As dit reg is, net so, steek ons ons hande op, die mense sien. Goed. Ons is vreemdelinge vir mekaar, dan, maar God ken ons albei. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Nou, rede waarom ek dit sê, Hy het vir my gesê. . . Julle het gelees, waarskynlik my boek gelees, het julle al ooit die boek gelees? Hy het gesê: “As jy die mense kry om jou te glo.” Wat te glo? Nie glo dat ek Hy is nie, maar glo dat Hy my gestuur het. Sien? Hy moet iemand kry, iewers. Sien?

227 So Hy het ander manne op die veld, groot manne, ek is een van die kleintjies. Maar my deeltjie, wil ek graag vir Hom doen, om Hom my uitdrukking te wys van my liefde vir Hom, om eerbiedig te wees. Ek het Hom lief met my hele hart. En ek kan

Hom nie liefhê sonder om julle almal lief te hê nie. Sien? Want Hy sal liewer wil hê dat ek julle almal moet liefhê as om Hom lief te hê; ek sou liewer wil hê julle moet my kinders liefhê in plaas van om my lief te hê. En ek, as 'n ouer, so dink, wat van Hom?

228 Nou, jy sê: "Broer Branham, wat doen jy?" Ek wag om te sien wat Hy vir my sal sê. As Hy niks vir my sê nie, en ek net hande op jou kom lê, sal jy in elk geval glo? Jy sal in elk geval glo.

Sou die gehoor so glo, in elk geval? Daar kom dit, egter.

229 Jy het 'n operasie gehad, redelik ernstig, dit gaan nie goed nie, jy's bang. Jy's nou bang vir kanker. Glo jy Hy kan vir my sê wat die operasie was? Ek sien die operasie, dit was 'n galblaas, glo ek, dis reg. Jy's bang. As ek niks sê, wat dit is, of òf dit is nie, as God jou net sal laat geloof hê, dis al wat jy nodig het, is dit nie? Dit reg?

230 As Hy vir my sal sê wie jy is, of waar jy vandaan kom, of so-iets, of iets anders in jou lewe, sal jy glo? Sal jy jou laat glo baie. . .? Jy weet dat ek jou nie ken nie. Jy's nie van hier nie, jy's van 'n plek met die naam van Downey. Jy is Mev. Kelly. Nou gaan terug, jy's genees, Jesus Christus maak jou gesond.

Glo jy? Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

Daardie vrou, is dit die vrou wat so pas genees, of voor gebid is? Daardie Lig was net daar net 'n oomblik gelede, net waar sy was.

231 Iemand wat bid. Jongman, het jy 'n gebedskaartjie? Glo jy dat ek Sy profeet, Sy dienskneg is? Glo jy God sal jou vriend genees? As ek julle sal sê wat verkeerd is, sal julle dit glo? Kanker. Hê geloof en glo nou, hy sal gesond word. Amen.

232 Die dame wat net hieragter sit en na my kyk, het probleme met jou voet, dit was veroorsaak deur 'n operasie, wat bril dra, bruin hare. Glo jy met jou hele hart? Steek jou hand op. Goed, jy kan huis toe gaan en gesond wees, Jesus Christus het jou genees.

Glo jy, meneer? In die Naam van Jesus Christus, gaan en word genees. Amen. Hê nou geloof, moenie twyfel nie.

233 Dame, jy het iets verkeerd met jou oog. As ek jou sal sê wat dit is, sal jy glo? Dis kanker. Sal jy jou genesing aanvaar? Dan, in die Naam van Jesus Christus, gaan en word genees.

Bid almal nou, hê geloof.

234 Goeiste, hier's nog een, kanker. Glo jy dat God jou sal gesond maak, Suster? Kom, laat ek hande op jou lê terwyl die salwing . . . Gaan nou, en mag die God van die Hemel jou genees en jou gesond maak.

235 Daardie nierprobleem het jou verlaat terwyl jy daar gesit het. Gaan en word gesond gemaak. Glo in die Here Jesus met jou hele hart. Moenie twyfel nie, glo net met jou hele hart. Goed.

236 Kom, dame. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? God kan hartprobleme genees. Glo jy dit nie? Glo jy joune is genees? Gaan dan op jou pad, en sê: “Dankie, Here Jesus,” en word gesond gemaak.

Jy het ’n damesprobleem gehad, en ook ’n hartprobleem. Glo jy dis weg? Goed, gaan op jou pad, en sê: “Dank U, Here,” word gesond gemaak.

237 ’n Man van jou ouderdom behoort ’n klein prostaat-, senuweeprobleem te hê, maar een van jou groot dinge is ’n moordenaar, dis hartprobleme. Glo jy dat Hy jou sal genees? As dit reg is, steek jou hand op. Gaan en word gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

238 Kom nou gelowig. Aangename kennis, dame? Jy’s verskriklik maer, maar jy het ’n skaduwee oor jou, jy’s geskadu tot die dood. Dis ’n kanker, ’n moordenaar. Glo jy God sal jou gesond maak? Gaan.

En ek bestraf daardie duiwel van my suster af weg, in die Naam van Jesus Christus, Satan, kom uit haar uit.

Ek’s ’n vreemdeling vir jou, dame. Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Sal jy glo?

239 Wag ’n oomblik. Wat net daar sit met maagprobleme, meneer, glo jy God maak jou gesond? Glo jy met jou hele hart? Swart-kop man, jong kêrel met ’n wit hemp aan, wat daar bid met . . . Nou, dis reg. Gaan huis toe, en eet nou, dis ’n senuweeagtige maag, wat jou geblokkeer het. Glo jy in Hom met jou hele hart? Aanvaar jy jou genesing? Staan op, as jy dit doen, staan net reguit op. Goed, gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond.

240 God vir my kan sê wat jou probleem is, sal jy glo dat ek, Sy profeet, Sy dienskneg sou wees? Jou diabetes sal jou verlaat, as jy sal glo. Gaan huis toe, wees gesond, Jesus Christus sal jou genees.

241 Dame, jy het verskeie dinge verkeerd met jou, dis reg, soos ’n dame van jou ouderdom dit eintlik sou hê. Maar die ding waarvoor jy wil hê ek moet bid, is die hartprobleem. Dis reg. Jy het ’n senuweeagtige, swak hart. Wanneer jy gaan lê, word dit erger as ooit. So nou as jy sal glo met jou hele hart, kan jy huis toe gaan en gesond wees, Jesus Christus maak jou gesond.

242 Wat van glo? Wat daar sit in daardie tuinstoel, ek kan jou nie genees nie. Het jy ’n gebedskaartjie? God kan jou gesond maak, as jy sal glo. Jy kan nie daar sit en lewe nie, soos die melaatses wat by die poort gesit het, hulle het gesê: “Waarom sit ons hier totdat ons sterf?” Jy het kontak gemaak met *Iets*, jy’s nou in kontak met Hom. Jy het Sy kleed aangeraak, as ek jou net kon kry om dit te sien! Jy sterf aan kanker, maar as jy sal glo met jou hele hart, sal Jesus Christus jou gesond maak.

243 Die melaatses het gesê: “Waarom sit ons hier totdat ons sterf? As ons hier sit, sal ons sterf.” As jy daar sit, sal jy sterf. Staan

op in die Naam van Jesus Christus, gaan huis toe en word dan gesond gemaak.

244 Almal wat aan Hom wil glo, glo julle met julle hele hart? Staan op julle voete, elkeen van julle, en aanvaar julle genesing. Steek julle hande op. Halleluja!

245 Hier's—hier's nog 'n vrou wat uit haar rolstoel uit opstaan. Hulle staan oral op, oraloor die gebou hieronder, hier onderin staan hulle op. Staan op uit julle rolstoele uit, staan op. Hierdie is. . .Die Seun van God is in julle midde, Christus die Geneser. Staan op, steek julle hande op en prys Hom.

Here Jesus, ek dryf die duiwel van twyfel in hierdie gebou uit.

Kom hier uit, Satan, ek daag jou uit, in die Naam van Jesus Christus.

61-0212E Dit Is Ek, Wees Nie Bevrees Nie
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org